Alhoewel Verboord se maatstawwe 'n sinvolle wegspringplek verskaf, kan dit verfynd word. Is die getal literêre pryse wat 'n skrywer ontvang nie minder belangrik as die status van daardie pryse nie? Die Hertzogprys staan byvoorbeeld bekend as die prys wat die meeste prestige in Afrikaanse literêre kringe dra (Senekal, 2013a: 365) en dit sal moeilik wees om te argumenteer dat twee toekennings van die Scheepersprys vir Jeugliteratuur meer prestige dra as een toekening van die Hertzogprys. Dieselfde geld vir watter letterkundiges aandag aan 'n outeur se publikasies skenk, omdat die status van die beoordelaar self 'n rol speel in die status wat 'n outeur verwerf (Verboord, Janssen en Van Rees, 2006: 287). Wat die literêre status van die uitgewery aanbetref, is die verhouding tussen skrywer en uitgewery boonop wederkerig: skrywers beïnvloed die status van die uitgewery soos die status van die uitgewery die status van die skrywers op hul publikasielys beïnvloed (Verboord, 2003: 271). Hierdie wederkerige verhouding is boonop dinamies en verander met die verloop van tyd. Dit is met

ander woorde sinvol om getalle te tel, maar beter om ook die status van die ander entiteite in die literêre sisteem in berekening te bring. Ek volg egter Verboord (2003) se voorbeeld deur skrywers, uitgewerye, literêre pryse, akademiese studies (en hul outeurs) en literatuurgeskiedenis (en hul outeurs en uitgewers) in berekening te bring, met resensies en hul outeurs bygevoeg. Aangesien die fokus in die huidige studie op die nasate van Franse Hugenote is, word die prestige van ander persone, uitgewerye en tydskrifte nie in die huidige studie bespreek nie, alhoewel hulle deel uitmaak van die datastel.

Die Afrikaanse literêre sisteem is reeds in 'n verskeidenheid studies as 'n netwerk bestudeer (sien Senekal, 2012, 2013a, 2014a, 2014b, 2015b, 2015a, 2017, 2020). Die grootste tekortkoming van hierdie studies is egter dat die sisteem in elkeen as 'n statiese sisteem benader is, terwyl die literêre sisteem in werklikheid dinamies is en met die verloop van tyd verander. Liao, Mariani, Medo, Zhang en Zhou (2017: 25) voer aan: “the temporal ordering of interactions is a key element that cannot be neglected when analyzing an evolving network”. Omdat interaksies oor tyd ook so belangrik is en omdat dit in die huidige studie gaan om die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem, word die tydsaspek van die netwerk ook hieronder in ag geneem.

In die netwerkteorie word die direkte skakels van 'n nodus met behulp van graadsentraliteit bepaal (Senekal, 2012: 624, 2013a: 371, 2013b: 678), maar meer komplekse maatstawwe soos Eigenvektor-sentraliteit (Bonacich, 1987) en PageRank-sentraliteit (Brin en Page, 1998), wat albei die status van 'n nodus se bure in ag neem (Liao et al., 2017: 39), bestaan ook. PageRank-sentraliteit is deur die stigters van Google ontwikkel om soekresultate te rangeer en word in verskeie ander velde, insluitend in kultuurnetwerke (Fraiberger, Sinatra, Resch, Riedl en Barabási, 2018, Senekal, 2020), as 'n sinvolle rangeringsmaatstaf aangetoon. PageRank-sentraliteit lig belangrike nodusse uit wat direkte skakels met ander belangrike nodusse het. Aangesien PageRank-sentraliteit ook die status van 'n nodus se bure in ag neem, word dit hieronder gebruik om die belangrikste nodusse uit te lig.

In die volgende onderafdeling word bespreek hoe die data vir die huidige studie saamgestel is.

3.2 Data

Die bibliografieë van die Afrikaanse prosa, drama en poësie, soos saamgestel deur Senekal en mede-outeurs (Senekal en Van Aswegen, 1980, 1981, Senekal en Engelbrecht, 1984), is vir die huidige studie gebruik. Hierdie bibliografieë bevat 'n omvattende opgawe van wat tussen 1900 en 1978² in die Afrikaanse literatuur

verskyn het, sowel as wat oor die Afrikaanse literatuur verskyn het (resensies, studies, verhandelings en proefskrifte sowel as literatuurgeskiedenis). Die outeurs (Senekal en Van Aswegen, 1980: 5, 1981: 5, Senekal en Engelbrecht, 1984: 5) beweer: “Feitlik alle literatuur oor die Afrikaanse [drama/digkuns/prosa] is geëkserpeer.”

Bogenoemde bronne is ingeskandeer, omgeskakel in ’n gestruktureerde datastel en gekontroleer vir foute en die konsekwente spelling van name. Uitgewerye is ook tot die datastel bygevoeg omdat hulle nie by die oorspronklike publikasies ingesluit was nie, maar belangrike rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem is (Senekal, 2014b: 125, 2015a: 58). Hierby is die toekenning van agt pryse, naamlik die Hertzogprys, die Eugène Maraisprys, die Scheepersprys vir Jeugliteratuur, die SAUK-prys, die Erepenging vir die Afrikaanse Taal en Letterkunde, die Stalsprys, die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap en die Tienie Halloway Medalje vir Kinderliteratuur bygevoeg (Senekal, 2014b: 125).

Vir die huidige studie word die hele tydperk (1902–1978) in berekening gebring, omdat dit ’n belangrike tydperk in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem was. Van die mylpale in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem word in hierdie tydperk aangetref, byvoorbeeld die stigting van uitgewerye soos Tafelberg (1951) en Human & Rousseau (1959), die betrokkenheid van groot name in die Afrikaanse letterkunde soos C.J. Langenhoven, N.P. van Wyk Louw, D.J. Opperman, Ingrid Jonker en André P. Brink, die stigting van literêre tydskrifte soos *Standpunte* (1945), *Tydskrif vir Letterkunde* (1950) en *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* (1961), die stigting van koerante soos *Die Volksblad* (1915) en *Die Burger* (1915), die stigting van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (1909), asook die oprigting van Afrikaanse universiteite en die erkenning van Afrikaans as amptelike taal (1925). Die belangrikheid van hierdie tydperk word in detail in Steyn (2014) bespreek. In bykans tagtig jaar is die Afrikaanse literêre sisteem gevestig.

In die volgende onderafdeling word bespreek hoe die data as ’n netwerk saamgestel is.

3.3 *Netwerkvoorstelling*

Die netwerk is soos volg saamgestel: ’n Skakel tussen skrywers en die uitgewerye waar hulle werk verskyn het, word aangedui. Skakels word ook aangedui tussen kritici of letterkundiges en die skrywers oor wie hulle gepubliseer het. Skakels tussen kritici of letterkundiges en die publikasies waar hul studies of resensies verskyn het, byvoorbeeld *Die Huisgenoot*, of in die geval van ’n literatuurgeskiedenis, die uitgewery, word voorts aangedui. Skakels tussen

skrywers en die pryse wat hulle ontvang het, word verder aangedui. Dit beteken dat skrywers, uitgewerye, pryse, publikasies en kritici, asook letterkundiges almal direk geskakel is. Omdat hier vyf soorte nodusse teenwoordig is, kan die netwerk as veelledig (bestaande uit verskeie soorte nodusse) beskryf word. Die term 'skrywer' beteken in die huidige studie 'n outeur van 'n literêre werk; 'kritikus' verwys na die outeur van 'n resensie en 'letterkundige' beteken die outeur van 'n studie of literatuurgeskiedenis. In baie gevalle kom name op al drie lyste voor en in sulke gevalle word individue in elkeen van hul rolle hieronder in berekening gebring, maar in die netwerk is individue slegs in die rol van mense aangedui en daarom sal byvoorbeeld André P. Brink, wat in al drie rolle funksioneer, slegs as een nodus in die netwerk aangedui word.

Skakels is sonder rigting aangedui, omdat status wederkerig is: 'n skrywer dra byvoorbeeld prestige by tot 'n uitgewery, net soos wat die uitgewery ook prestige aan die skrywer verleen.

Die gewig van skakels is aangedui, omdat dit betekenisvol is wanneer meer skakels tussen nodusse bestaan (Liao et al., 2017: 25). Wanneer 'n skrywer byvoorbeeld nie slegs een werk by 'n uitgewery uitgee nie maar vyf, of wanneer 'n letterkundige nie slegs een studie oor 'n skrywer publiseer nie maar 'n paar, dra hierdie gegewe belangrike inligting tot die netwerk by.

Die tyd wanneer 'n skakel plaasgevind het, byvoorbeeld wanneer 'n skrywer 'n digbundel gepubliseer het, is ook in die data opgeteken. Die vraag is dan hoe lank die tydsduur van daardie skakel is, want soos Liao et al. (2017: 26) skryf, is die probleem om 'n geskikte tydsduur vir tydsgebonde data te kies, 'n nie-triviale maar data-afhanklike probleem. In die letterkunde is daar 'n duidelike begin van 'n skakel, byvoorbeeld skrywer X publiseer werk by uitgewery Y, maar daar is nie 'n herkenbare eindpunt van hierdie verhouding nie: die feit dat 'n boek gepubliseer is, bly geldig, al is daardie boek later uit druk, al word die uitgewery se deure gesluit en al sterf die skrywer. Omdat die geheue van die netwerk ook 'n belangrike rol in sy struktuur speel (Liao et al., 2017: 27), is besluit om nie 'n einde aan 'n skakel toe te ken nie, maar slegs 'n begin. Die begin is dan wanneer 'n publikasie verskyn het of wanneer 'n prys toegeken is. In die netwerkvoorstellings word die netwerk derhalwe ook só saamgestel dat die geskiedenis telkens in berekening gebring word.

Die netwerk is gevisualiseer met behulp van Gephi (Bastian, Heymann en Jacomy, 2009), 'n rekenaarprogram wat dit moontlik maak om gestruktureerde data as 'n netwerk sowel as 'n dinamiese netwerk voor te stel. Vir die visualisasie is gebruik gemaak van die uitleg-algoritme van Fruchterman en Reingold (1991), omdat hierdie algoritme die belangrikste nodusse binne die sentrum van die netwerk posisioneer (Senekal, 2014b: 122-123).

In die volgende onderafdeling word die klassifikasie van vanne bespreek.

3.4 *Die klassifikasie van vanne*

Aangesien vanne tussen generasies oorgedra word, kan vanne gebruik word om 'n verband met vorige geslagte en selfs etnisiteit aan te dui (Ambekar, Ward, Mohammed, Male en Skiena, 2009, Treeratpituk en Giles, 2012, Harris, 2015, Humphreys, Nowak en Zhou, 2016, Lee, Kim, Ko, Choi, Choi en Kang, 2017). Hierdie metode is nie onfeilbaar nie, omdat vanne nie gewoonlik deur vroulike nasate oorgedra word nie. In die geval van die Hugenote skryf Van Aardt en Ridge (2019: 248) dat die Hugenoot Anne Prévost byvoorbeeld met Schalk Willem van der Merwe getrou het en só die stammoeder van die Van der Merwe-familie geword het, alhoewel hierdie feit nie in vanne gereflekteer sal word nie. Boonop kan vroue vanne aanneem alhoewel hulle nie 'n genetiese verband met daardie voorsate het nie. In breë trekke kan vanne egter gebruik word om 'n genetiese verwantskap aan te dui.

Lee et al. (2017: 2 081) argumenteer dat drie faktore in ag geneem moet word by die bepaling van die etniese oorsprong van 'n van. Eerstens is daar die taal van die land: John Smith is byvoorbeeld 'n maklik herkenbare Engelse naam en van wat waarskynlik in 'n Engelssprekende land sal voorkom. Tweedens is daar die ligging van die land: vanne in Oostenryk en Duitsland sal byvoorbeeld aansienlik oorvleuel omdat hierdie lande aangrensend is en 'n dominante taal deel. Derdens is daar die geskiedenis van die land: die Spaanse oorheersing van Mexiko vanaf die 16de tot die 19de eeu het byvoorbeeld daartoe gelei dat Mexikaanse name en vanne 'n sterk Spaanse invloed het.

Nasionaliteit is baie moeiliker om in 'n Suid-Afrikaanse konteks met behulp van vanne te bepaal as wat etniese oorsprong is. Byna die hele Afrika, Australië en Noord- en Suid-Amerika het 'n geskiedenis van kolonialisering, en dit is byvoorbeeld onmoontlik om te sê of John Smith 'n Brit, Amerikaner, Australiër, Nieu-Seelander of Suid-Afrikaner is. Wat hierdie voorbeeld egter aandui, is dat die oorsprong van die naam ('n Engelssprekende land) inherent is aan die naam: al hierdie voorbeelde dui op voormalige Britse kolonies. Met ander woorde, hoewel die nasionaliteit van 'n naam in 'n Suid-Afrikaanse konteks problematies is, is die etniese oorsprong daarvan makliker om te bepaal.

'n Lys van vanne wat afkomstig is van die Franse Hugenote en steeds in Suid-Afrika gebruik word, sowel as alternatiewe spelvorme, word in stand gehou deur die Hugenoot Gemeenskap van Suid-Afrika (s.a.). Hul lys bestaan uit 54 vanne, maar saam met spellingvariasies bestaan die lys uit 119 vanne. Aangesien Le Roux by hul lys ingesluit is, is Leroux (sonder die spasie) bygevoeg, wat beteken dat die lys nou uit 120 vanne bestaan. Hul lys vanne is vergelyk met die vanne van mense wat, volgens Senekal en mede-outeurs, vanaf 1902 tot 1978 by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was (Senekal en Van Aswegen, 1980, 1981, en Senekal

en Engelbrecht, 1984). Die twee lyste is met ander woorde saam gebruik om aan te dui of die van dui op 'n persoon van Hugenoot-oorsprong al dan nie.

In die volgende afdeling word die resultate van die huidige studie bespreek.

4. Resultate en bespreking

4.1 'n Oorsig oor die tydperk

In hierdie datastel is 1646 literêre werke deur 411 skrywers oor 76 jaar (vanaf 1902 tot 1978) met 'n gemiddeld van 21.66 publikasies per jaar. Werke is by 109 uitgewerye uitgegee. Ook 6561 resensies deur 935 kritici oor hierdie werke het in 156 publikasies verskyn en 259 studies en literatuurgeskiedenis deur 165 letterkundiges het by 43 uitgewerye verskyn. Verder is agt literêre pryse in berekening gebring.

In Tabel 1 word die getal en persentasie persone met Hugenoot-vanne volgens hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges verskaf. Hier kan gesien word dat die grootste persentasie ($\pm 13\%$) van persone met Hugenoot-vanne in die rolle van letterkundiges en skrywers aangetref word, en die kleinste persentasie onder kritici. Dit is ook treffend dat hierdie persentasie sterk ooreenstem met die 13.2% Franse genetiese herkoms van Afrikaners soos deur Heese (1971) bereken en die 13% tot 26% Franse genetiese herkoms soos deur Brits (2019) bereken. Alhoewel Franse gene nie altyd in vanne aangetref sal word nie omdat vanne nie gewoonlik deur vroulike nasate oorgedra word nie, en vroue boonop Hugenoot-vanne mag aanneem alhoewel hulle nie 'n genetiese verbintenis met hierdie setlaars gehad het nie, stem die persentasies vanne vir die hele tydperk met ander woorde ooreen met die genetiese samestelling van die Afrikaner soos deur hierdie outeurs bevind. Die laer persentasie Hugenoot-vanne vir kritici word aangetref omdat talle kritici slegs met voorletters of as anoniem aangedui is. Die nasate van die Hugenote se bydrae tot die Afrikaanse literêre sisteem, volgens die voorkoms van hul vanne, is met ander woorde in die minderheid, maar steeds 'n beduidende persentasie.

	Totaal	Getal Hugenote	Persentasie van totaal
Skrywers	411	51	12.41%
Kritici	935	65	6.95%
Letterkundiges	165	21	12.73%

Tabel 1: Die getal en persentasie persone met Hugenoot-vanne volgens hul rol

In Tabel 2 word die mees produktiewe persone met Hugenoet-vanne in hul rolle as skrywers, kritici of letterkundiges aangedui. Vir skrywers en kritici verwys die getal na hoeveel publikasies hulle die lig laat sien het, terwyl die getal vir letterkundiges verwys na oor hoeveel skrywers hulle gepubliseer het. D.F. Malherbe is duidelik die produktiefste skrywer met 'n Hugenoet-van in hierdie tydperk (1902–1978), terwyl F.E.J. Malherbe amper dubbel die getal resensies as die naasproduktiefste kritikus, Audrey B. Blignault, gepubliseer het en oor meer as dubbel die getal skrywers gepubliseer het as die naasproduktiefste letterkundige, J.H. Senekal. In die tabel kan ook gesien word hoe outeurs hier in elkeen van hul rolle in berekening gebring is, byvoorbeeld F.E.J. Malherbe wat as kritikus en letterkundige funksioneer en Audrey B. Blignault wat as kritikus en skrywer funksioneer. In hierdie tabel word met ander woorde die skrywers, kritici en letterkundiges aangedui wat Hugenoet-vanne het en kwantitatief gesproke die meeste tot die Afrikaanse literêre sisteem in hierdie tydperk (1902–1978) bygedra het.

Skrywer	Publikasies	Kritikus	Publikasies
D.F. Malherbe	46	F.E.J. Malherbe	113
Eugène N. Marais	15	Audrey B. Blignault	64
Jan F.E. Celliers	14	Elsa Joubert	36
Etienne Leroux	11	Charles Malan	30
Totius	11	E.C. Pienaar	24
Audrey B. Blignault	10	D.F. Malherbe	17
Elsa Joubert	9	L.C. Bruwer	17
Susie Mey Viljoen	8	W.J.B. Pienaar	17
C. le Grange	6	F.J. Labuschagne	13
Pieter Fourie	5	P.G. Nel	13
Letterkundige	Skrywers oor geskryf		
F.E.J. Malherbe	115		
J.H. Senekal	38		
Charles Malan	10		
G. v N. Viljoen	3		
H.S. Cilliers	3		
Hein Viljoen	3		
M. Lombard	2		

R. Malan	2
A.C. Cilliers	1
André Christiaan Viviers	1

Tabel 2: Die produktiefste persone met Hugenoot-vanne in hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges

In Tabel 3 word die Hugenoot-vanne wat die meeste voorkom aangedui in totaal, asook onder skrywers, kritici en letterkundiges. Joubert is met ander woorde die Hugenoot-van wat die meeste onder skrywers voorkom (vyf skrywers), gevolg deur Fourie, Marais, Pienaar en Theron (vier skrywers). Onder kritici is Pienaar die van wat die meeste voorkom (agt kritici), gevolg deur Joubert en Viljoen (ses kritici elk), en onder letterkundiges kom Malan die meeste voor (vier letterkundiges). In totaal kom Pienaar die meeste voor (13 persone), gevolg deur Joubert en Viljoen (tien persone). Dit is met ander woorde die Hugenoot-families wat die meeste rolspelers in die Afrikaanse literêre sisteem in hierdie tydperk bygedra het.

Totaal	Voorkoms	Skrywers	Voorkoms
Pienaar	13	Joubert	5
Joubert	10	Fourie	4
Viljoen	10	Marais	4
Marais	8	Pienaar	4
Malan	6	Theron	4
Roux	6	Retief	3
Theron	6	Viljoen	3
Fourie	5	Malan	2
Bruwer	4	Malherbe	2
Cilliers	4	Rousseau	2
Kritici	Voorkoms	Letterkundiges	Voorkoms
Pienaar	8	Malan	4
Joubert	6	Cilliers	2
Viljoen	6	Pienaar	2
Marais	5	Viljoen	2
Roux	5	Joubert	1
Bruwer	3	Labuschagne	1

Cilliers	3	Leroux	1
Malherbe	3	Lombard	1
Fourie	2	Malherbe	1
Hugo	2	Marais	1

Tabel 3: Die Hugenoot-vanne wat die meeste voorkom

In die volgende onderafdeling word hierdie mense se bydraes volgens dekade bespreek.


4.2 Die voorkoms van *Hugenoot-vanne volgens dekade*

In Tabel 4 word die getal persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem per dekade verskaf. Die eerste kolom dui die jaar aan wanneer die dekade eindig. Die getal persone met en sonder Hugenoot-vanne word ook aangedui, en hier kan gesien word dat in die 1970's en 1940's die meeste persone met Hugenoot-vanne by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was.

Dekade	Totale getal mense	Nie-Hugenote	Hugenote
1909	90	85	5
1919	145	124	21
1929	417	350	67
1939	1 066	936	130
1949	1 032	847	185
1959	1 935	1 844	91
1969	2 152	1 981	171
1978	3 751	3 552	199

Tabel 4: Die getal persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem volgens dekades van 1909 tot 1978

In Figuur 1 word dieselfde syfers aangedui as in Tabel 4, maar met die persentasie persone met en sonder Hugenoot-vanne uitgedruk as 'n persentasie van alle persone wat in daardie dekade by die Afrikaanse literêre sisteem betrokke was. Hier kan gesien word dat die persentasie persone met Hugenote-vanne vanaf die 1910's tot 1940's bo 10% is, waarna die persentasie persone met Hugenoot-vanne afneem. Dit is met ander woorde in hierdie dekades dat nasate van die Hugenote kwantitatief gesproke die meeste tot die Afrikaanse literêre sisteem bygedra het.



Figuur 1: Die persentasie persone wat betrokke was by die Afrikaanse literêre sisteem per dekade van 1909 tot 1978 met hul vanne as Huguenote of nie-Huguenote aangedui


In die volgende onderafdeling word hierdie persone se bydraes in netwerkverband bespreek.

4.2 *Die posisie van persone met Huguenoot-vanne in die Afrikaanse literêre sisteem*

Die voorafgaande onderafdelings het slegs die produktiefste persone met Huguenoot-vanne uitgelig, maar soos voorheen gestel, is dit sinvol om ook al die verhoudinge in die sisteem in ag te neem. Figure 2 tot 7 dui die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk aan, saamgestel soos voorheen bespreek en gevisualiseer met behulp van Fruchterman en Reingold (1991) se kraggebaseerde uitleg-algoritme. Alhoewel alle persone (in hul rol as skrywers, kritici of letterkundiges), uitgewerye, tydskrifte en pryse in hierdie netwerk teenwoordig is, word slegs etikette van persone met Huguenoot-vanne (as donkergrys nodusse) aangedui. Die grootte van nodusse dui op hul belangrikheid in die netwerk, soos bereken met behulp van PageRank-sentraliteit vir die betrokke tydperk. Ter wille van ruimtebesparing is slegs ses dekades aangedui, beginnende by die 1920's.

In die eerste netwerkwerkgrafiek word die literêre sisteem vanaf 1902 tot 1929 gesien. D.F. Malherbe en Jan F.E. Celliers kan in die sentrum van die netwerk gesien word en die grootte van Jan F.E. Celliers se nodus (die grootste nodus in


die hele netwerk op daardie tydstip) wys dat hy teen 1929 die hoogste PageRank-sentraliteit in die netwerk gehad het. Celliers en tot 'n mindere mate D.F. Malherbe is met ander woorde belangrike rolspelers in die eerste tydperk, soos gesien kan word deur hul hoë PageRank-sentraliteit sowel as hul posisionering binne die sentrum van die netwerk. Totius en Eugène Marais is minder sentraal geïmposisioneer as Celliers en Malherbe, maar hulle is die persone met Hugenoot-vanne wat die derde- en vierde-hoogste PageRank-sentraliteit in hierdie tydperk het.



Figuur 2: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1929)

In die tweede netwerkvoorstelling, in Figuur 3, is die literêre sisteem tot aan die einde van 1939 voorgestel. Eugène Marais beweeg nou nader aan die sentrum,


terwyl D.F. Malherbe en Celliers – alhoewel steeds binne die sentrum – ietwat verder uit die kern beweeg. Kannemeyer (1984: 106) skryf dat Celliers se werke vinnig verouderd geraak het en meer krities beoordeel is, en sy wegskuif uit die kern in Figuur 2 kan ’n aanduiding daarvan wees dat Celliers teen hierdie tyd status in die netwerk begin verloor het, terwyl dit nie die geval was vir Marais nie. Marais se PageRank-sentraliteit het ook toegeneem, soos gesien kan word, deurdat sy nodus heelwat groter is as wat in die vorige tydperk die geval was. F.E.J. Malherbe tree ook in hierdie dekad tot die netwerk toe.



Figuur 3: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1939)

Die derde netwerkgrafiek, Figuur 4, toon die literêre sisteem tot aan die einde van 1949. Celliers skuif hier nog verder uit die kern van die netwerk, maar D.F.


Malherbe en F.E.J. Malherbe beweeg nader aan die kern. D.F. Malherbe het steeds die hoogste PageRank-sentraliteit van al die persone met Hugenoot-vanne en het reeds teen hierdie tyd die Hertzogprys drie keer (onderskeidelik in 1926, 1930 en 1939) ontvang. Hy kon nader aan die kern beweeg het as gevolg van hierdie toekennings kort tevore. Eugène Marais is weer meer binne die sentrum van die netwerk as wat dit in die vorige dekade die geval was.



Figuur 4: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1949)

Die vierde netwerk, Figuur 5, toon die literêre sisteem tot aan die einde van 1959. Elsa Joubert, Audrey Blignault, Etienne Leroux en Ina Rousseau is nou ook deel van die netwerk, maar nog nie binne die kern nie. Let ook daarop dat dit die eerste keer is dat vroueskrywers met Hugenote-vanne belangrike rolle in die sisteem


D.F. Malherbe en Celliers dui daarop dat 'n nuwe stel rolspelers binne die kern funksioneer: Sestigers soos André P. Brink, nuwe uitgewerye en nuwe tydskrifte.



Figuur 6: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1969)

Hierdie ondersoek se laaste netwerkvoorstelling, Figuur 7, toon die literêre sisteem tot 1978 en stel met ander woorde die hele netwerk voor, soos wat dit hier nagegaan is. Die meeste persone met Hugenoot-vanne wat in die vorige tydperke binne die kern aangetref is, het verder uit die kern geskuif. Let ook daarop dat donkergrys nodusse (mense met Hugenoot-vanne) nou kleiner is, wat dui op hul kleiner PageRank-sentraliteit. Mense met Hugenoot-vanne skuif met ander woorde in hierdie tydperk nog verder uit die kern. Een uitsondering is J.H. Senekal, wat die netwerk in die vorige dekadetree het (regs onder in Figuur 6)

en nader aan die kern skuif. Ander letterkundiges soos Louise Viljoen en Marlise Joubert, wat meer onlangs binne die kern van die Afrikaanse poëtiesistiem sou funksioneer (Senekal, 2013c: 108-109), tree ook in hierdie tydperk tot die netwerk toe.



Figuur 7: Die Afrikaanse literêre sisteem as netwerk (1902–1978)

In Figure 2 tot 7 word aangedui dat afstammelingen van die Hugenote 'n groot rol gespeel het in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem in die vroeë jare, maar in die laaste twee dekades wat hier ondersoek is, het hul relatiewe belangrikheid afgeneem. Hul bydrae is steeds onmisbaar, eersens omdat die Afrikaanse literêre sisteem van die 1970's voortgebou het op vorige generasies en nie uit die niet ontstaan het nie, en tweedens omdat daar steeds talle persone

met Hugenoot-vanne aangedui is wat in en om die kern van hierdie netwerk funksioneer. Hierdie netwerkvoorstellings dui duidelik aan dat die Hugenote hul merk op die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem – soos ook op ander terreine soos die wynbedryf – gelaat het.

5. Slot

Die Franse Hugenote het 'n groot bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer en in die huidige studie is hul afstammeling se posisie in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem (1902–1978) ondersoek. In hierdie studie is aangetoon dat 'n groot aantal persone met Hugenoot-vanne sleutelrolle in die ontwikkeling van die Afrikaanse literêre sisteem gespeel het. Die netwerkvoorstellings dui duidelik aan dat persone met Hugenoot-vanne deurgaans en oor geslagte heen binne die kern van die Afrikaanse literêre sisteem funksioneer.

Dinamiese netwerke kan benut word om die ontwikkeling van sisteme te ondersoek. Alhoewel in hierdie studie slegs op die nasate van die Hugenote gefokus is, kan die hele Afrikaanse literêre sisteem ook sodanig ondersoek word. Nie slegs die rol van nasate van die Hugenote nie, maar die posisie van leiersfigure in die opkoms van die Afrikaanse literêre sisteem oor tyd heen sou dus op hierdie wyse voorgestel kan word.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

- Ambekar, A., Ward, C., Mohammed, J., Male, S. en Skiena, S.** 2009. Name-ethnicity classification from open sources. In: *Proceedings of the 15th ACM SIGKDD international conference on knowledge discovery and data mining – KDD '09*. New York: ACM Press. 49-58.
- Anoniem.** s.a. Huguenots embarqués pour l'Afrique du Sud. 27 http://huguenots-france.org/france/refuge/afrique_sud/embarques.htm. (Datum van gebruik: 27 April 2021).
- Bastian, M., Heymann, S. en Jacomy, M.** 2009. Gephi: An open source software for exploring and manipulating networks. *Proceedings of the International AAAI Conference on Web and Social Media*, 3(1).
- Bonacich, P.** 1987. Power and centrality: a family of measures. *American Journal of Sociology*, 92(5): 1170.
- Botha, C.G.** 1921. *The French refugees at the Cape*. Kaapstad: Cape Times Limited.

- Brin, S. en Page, L.** 1998. The anatomy of a large-scale hypertextual Web search engine. *Computer Networks and ISDN Systems*, 30(1-7): 107-117.
- Brits, E.** 2019. Wit Afrikaners dra gene van slawe en Khoisan – studie. Netwerk24. <https://www.netwerk24.com/Stemme/Aktueel/wit-afrikaners-dra-gene-van-slawe-en-khoisan-studie-20190212>. (Datum van gebruik: 23 April 2021).
- Bryer, L. en Theron, F.** 1987. *The Huguenot heritage: the story of the Huguenots at the Cape*. Kaapstad: Chameleon Press.
- Cilliers, J.A.** 2016. A demographic history of settler South Africa. Ongepubliseerde PhD-tesis. Universiteit van Stellenbosch.
- Coertzen, P.** 1988. *The Huguenots of 1688-1988*. Kaapstad: Tafelberg.
- Fourie, J. en Fintel, D.V.** 2011. 'n Ongelyke oes: Die Franse Hugenote en die vroeë Kaapse wynbedryf. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(3): 332-53.
- Fraiberger, S.P., Sinatra, R., Resch, M., Riedl C. en Barabási, A-L.** 2018. Quantifying reputation and success in art. *Science*, 362(6416): 825-829.
- Franken, J.L.M.** 1978. *The Huguenots and the Cape*. Pretoria: Staatsdrukkery.
- Fruchterman, T.M.J. en Reingold, E.M.** 1991. Graph drawing by force-directed placement. *Software: Practice and Experience*, 21(11): 1129-1164.
- Harris, J.A.** 2015. What's in a name? A method for extracting information about ethnicity from names. *Political Analysis*, 23(2): 212-224.
- Heese, H.F.** 1979. Identiteitsprobleme gedurende die 17de eeu. *Kronos*, 1: 27-33.
- Heese, J.A.** 1971. *Die herkoms van die Afrikaner, 1657-1867*. Kaapstad: A.A. Balkema.
- Huguenoot Gemeenskap van Suid-Afrika.** s.a. Huguenot surnames which survived in South Africa. <https://web.archive.org/web/20200723073509/http://www.huguenoot.org.za:80/surname.htm>. (Datum van gebruik: 22 April 2021).
- Humphreys, B.R., Nowak, A. en Zhou, Y.** 2016. Cultural superstitions and residential real estate prices: transaction-level evidence from the US housing market. *SSRN Electronic Journal*, 17 Desember.
- Kannemeyer, J.** 1984. *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur. Deel 1*. Pretoria: Academica.
- Kearney, A.** 2010. *The French Huguenots of South Africa*. Kaapstad: Juta.
- Lee, J., Kim, H., Ko, M., Choi, D., Choi, J. en Kang, J.** 2017. Name nationality classification with recurrent neural networks. In: Sierra, C. (red.) *Proceedings of the Twenty-Sixth International Joint Conference on Artificial Intelligence*. Twenty-Sixth International Joint Conference on Artificial Intelligence, California: International Joint Conferences on Artificial Intelligence Organization. 2081-2087.
- Liao, H., Mariani, M.S., Medo, M., Zhang, Y.C. en Zhou, M.Y.** 2017. Ranking in evolving complex networks. *Physics Reports*, 689: 1-54.
- Liebenberg, H.** 2018. Die Wes-Kaapse Argief en die begin van Afrikaans. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 58(2): 204-236.

- Nienaber, G.S. en Nienaber, P.J.** 1941. *Die geskiedenis van die Afrikaanse beweging*. Pretoria: JL van Schaik.
- Ploeger, J.** 1973. Die godsdienstig-kulturele bydrae van die Hugenote tot die Afrikaanse volkswording. *HTS Teologiese Studies*, 29(1): 34-47.
- Ploeger, J.** 1988. Die verspreiding van die Franse Hugenote. *Scientia Militaria*, 18(2): 12-22.
- Senekal, B.A.** 2012. Die Afrikaanse literêre sisteem: 'n Eksperimentele benadering met behulp van sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 9(3): 614-638.
- Senekal, B.A.** 2013a. 'n Ontleding van Hertzogpryswenner se uitgeweryprofiel in terme van die Afrikaanse literêre netwerk en met behulp van sosiale-netwerk-analise (SNA). *LitNet Akademies Geesteswetenskappe*, 10(3): 362-387.
- Senekal, B.A.** 2013b. Die gebruik van die netwerkteorie binne 'n sisteemteoretiese benadering tot die Afrikaanse letterkunde: 'n teorie-oorsig. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 53(4): 668-682.
- Senekal, B.A.** 2013c. 'n Netwerkontleding van die Afrikaanse poësie-netwerk vanaf 2000 tot 2012. *Stilet*, 25(2): 99-124.
- Senekal, B.A.** 2014a. *Canons and connections: A network theory approach to the study of literary systems with specific reference to Afrikaans poetry*. Washington: New Academia Pub.
- Senekal, B.A.** 2014b. Olga Kirsch se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem (1900-1978). *Werkwinkel*, 9(2): 119-134.
- Senekal, B.A.** 2015a. André P. Brink se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem van die 1960's. *Tydskrif vir letterkunde*, 52(1): 57.
- Senekal, B.A.** 2015b. 'n Kwantifisering van kleinwêreldheid in Afrikaanse kulturele netwerke in vergelyking met ander komplekse netwerke. *LitNet Akademies Natuurwetenskappe*, 12(3): 665-688.
- Senekal, B.A.** 2017. Die hedendaagse Afrikaanse poësie-sisteem: Op soek na die mees verteenwoordigende wiskundige model van die rolspeleerverhoudings daarbinne. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 57(1): 168-186.
- Senekal, B.A.** 2020. Aktiwiteit en sentraliteit in die Afrikaanse poësie-sisteem van die afgelope twee dekades (2000-2019), met spesifieke verwysing na Joan Hambidge se rol daarbinne. *Stilet*, 32(1): 63-82.
- Senekal, J.H.** 1985. Die Afrikaanse letterkunde binne die literatuursisteem. *Handhaaf*, Junie: 20-22.
- Senekal, J.H.** 1987. *Literatuuropvattings: "wese" en "waarhede" van 'n nuwe literêre teorie*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Senekal, J.H. en Engelbrecht, E.** 1984. *Bronne by die studie van Afrikaanse prosawerke 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.

- Senekal, J.H. en Van Aswegen, K.** 1980. *Bronne by die studie van Afrikaanse dramas 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.
- Senekal, J.H. en Van Aswegen, K.** 1981. *Bronne by die studie van die Afrikaanse digbundels 1900-1978*. Johannesburg: Perskor.
- Stanwood, O.** 2013. Between Eden and Empire: Huguenot Refugees and the Promise of New Worlds. *The American Historical Review*, 118(5): 1319-1344.
- Steyn, J.C.** 2014. *Ons gaan 'n taal maak. Afrikaans sedert die Patriot-jare*. Centurion: Kraal-Uitgewers.
- Treeratpituk, P. en Giles, C.L.** 2012. Name-ethnicity classification and ethnicity-sensitive name matching. In: *Proceedings of the Twenty-Sixth AAAI Conference on Artificial Intelligence*. Twenty-Sixth AAAI Conference on Artificial Intelligence: AAAI Press. 141-47.
- Van Aardt, P. en Ridge, E.** 2019. *Hugeneote aan die Kaap*. Franschhoek: Hugeneote-Vereniging van Suid-Afrika.
- Van Rees, K. en Vermunt, J.** 1996. Event history analysis of authors' reputation: Effects of critics' attention on debutants' careers. *Poetics*, 23(5): 317-333.
- Verboord, M.** 2003. Classification of authors by literary prestige. *Poetics*, 31(3-4): 259-281.
- Verboord, M., Janssen, S. en Van Rees, K.** 2006. Indicatoren voor classificatie in het culturele en literaire veld. In: Dorleijn, G.J. en Van Rees, K. (reds.). *De produktie van literatuur. Het literaire veld in Nederland 1800-2000*. Nijmegen: Vantilt. 285-310.
- Wijsenbeek, T.** 2007. Identity lost: Huguenot refugees in the Dutch republic and its former colonies in North America and South Africa, 1650 to 1750: A comparison. *South African Historical Journal*, 59(1): 79-102.

Note

1. Kyk ook Van Aardt en Ridge (2019: 247-248).
2. Tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) het daar min binne die Afrikaanse letterkunde verskyn en ná 1978 is hierdie bibliografieë egter nie so betroubaar soos voor hierdie datum nie; daarom gebruik ek die tydperk 1902-1978.

'n Ondersoek na die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie van sekerheidsmerkers in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente

Zanétte Meintjes

An investigation into the use of the interpersonal metadiscourse category of boosters in the written arguments of Afrikaans-speaking first-year students

'Metadiscourse' is an umbrella term that refers to specific means that can be used in language to convey a message meaningfully and effectively. These means fulfil mainly a pragmatic function, as a writer utilises it to bring about certain connections between parts of text, as well as to express a certain authorial stance towards the propositional content and the reader of the text. These metadiscourse tools are, furthermore, used to guide the reader through the different parts of the text and to facilitate the way in which these parts should be interpreted. Metadiscourse is divided into two categories, namely 'textual' and 'interpersonal' metadiscourse. Textual metadiscourse is used to reinforce an argument's logical and ethical appeal, while interpersonal metadiscourse is used to intensify an argument's emotional and ethical appeal. In this article, ways are explored in which Afrikaans-speaking first-year students use the interpersonal metadiscourse category of boosters (certainty markers) in their written arguments. Its usage frequency, distribution throughout the different parts of the text and the functional nature of the way it is used, are examined.

1. Inleiding

Metadiskoers word in die literatuur op verskeie wyses gedefinieer en geklassifiseer (vergelyk Amiryousefi en Rasekh, 2010, Beauvais, 1989, Harris, 1959, Crismore, 1983, Crismore, 1989, Crismore, Markannen en Steffensen, 1993, Hyland, 2004, Ifantidou, 2005: 1326, Vande Kopple, 1985). Dit is egter Hyland (1998) se metadiskoersindeling, 'n aangepaste weergawe van Crismore et al. (1993) se metadiskoerskategorieë, wat algemeen gebruik word wanneer ondersoek na die retoriese funksies en die betekenis van metadiskoersmiddele in akademiese tekste ingestel word (Meintjes, 2015: 98 en 99). Hyland (2004: 138) wys daarop dat metadiskoers verband hou met die wyse waarop 'n akademiese skrywer sy of haar begrip uitdruk, en die wyse waarop proposisies tot stand gebring word om 'n oortuigende en samehangende diskoers te skep. Die skep van sodanig koherente diskoers vind plaas binne 'n bepaalde sosiale en institusionele konteks. Die term 'metadiskoers' kan derhalwe oorkoepelend gebruik word om te verwys na 'n skrywer se gebruik van selfrefleksiewe uitdrukkings ten einde betekenis in 'n

teks tot stand te bring; dit help die skrywer om bepaalde standpunte uit te spreek en met 'n spesifieke gemeenskap (in hierdie geval die akademiese gemeenskap) te kommunikeer (Hyland, 2005: 37).

Hierdie uitdrukkings waarna Hyland (2005: 37) verwys, staan ook bekend as 'metadiskoersmerkers'. In hierdie verband wys Tavanpour, Goudarzi en Farnia (2016: 2) daarop dat bepaalde tekstuele bronne in 'n taal beskikbaar is wat gebruik kan word om 'n boodskap mee geslaagd te kommunikeer. Hierdie tekstuele bronne is buite die sinsvlak geleë en vervul 'n pragmatiese funksie. Dít beteken dat metadiskoersmerkers bepaalde verbande tussen dele van 'n groter teks bewerkstellig, die skrywershouding teenoor die betrokke proposisionele inhoud en die teikengehoor aandui, en die leser aktief betrek by die teksinhoud en leesproses (Crismore et al., 1993: 4041, Fairbairn en Winch, 2011: 179, Hyland en Tse, 2004: 156, Jordaan, 2014: 30, Jordaan, 2016: 150, Meintjes, 2015: 97, Tavanpour et al., 2016: 2-3).

Op grond van die pragmatiese funksie wat metadiskoers vervul, verdeel Hyland (1998) dit vir die gebruik in akademiese tekste in twee kategorieë, naamlik tekstuele en interpersoonlike metadiskoers. Hyland (1998) wys daarop dat tekstuele metadiskoers gekenmerk word deur die gebruik van (1) 'logiese verbandsmerkers' om semantiese verbande uit te druk; (2) 'raammerkers' om spesifieke diskoers-aksies of teksdele aan te toon; (3) 'endoforiese merkers' om na inligting afkomstig uit ander teksdele daarin te verwys; (4) 'bewysmerkers' om aan te dui dat eksterne bronne van inligting ter sprake is en (5) 'voorbeeldmerkers' om die leser by te staan met betekenisinterpretasie (vergelyk Meintjes, 2015: 100). Hierteenoor sê Hyland (1998) dat interpersoonlike metadiskoers gekenmerk word deur 'weerhoudingsmerkers' wat aandui dat die skrywer hom of haar van bepaalde standpunte weerhou; 'sekerheidsmerkers' wat die skrywer se algehele oortuiging rakende standpunte beklemtoon; 'houdingsmerkers' wat die skrywer se houding teenoor die proposisionele inhoud aandui; 'verbandsmerkers' wat op 'n eksplisiete wyse 'n bepaalde verhouding met die leser tot stand bring; en 'persoonlike verwysingsmerkers' wat na die skrywer self verwys (vergelyk Meintjes, 2015: 100).

Hyland (2005: 219) argumenteer dat kennis én die juiste toepassing van interpersoonlike metadiskoers in die besonder belangrik is vir suksesvolle akademiese skryfwerk, aangesien dit solidariteit met die leser(s) én selfrefleksie oor bepaalde standpunte moet bewerkstellig. Fu (2012: 401) is van mening dat interpersoonlike metadiskoers ook gemoeid is met die skrywerstem: "[...]the ways the writer presents himself or herself and conveys his or her judgments and commitments toward the propositions in text". In hierdie verband lig Fu (2012: 401) vier kategorieë uit wat

direk verband hou met interpersoonlike metadiskoers, naamlik ‘weerhoudings-’, ‘sekerheids-’ en ‘houdingsmerkers’ asook ‘persoonlikeverwysingsmerkers’. Hu en Cao (2015) ondersteun hierdie sienings deur daarop te wys dat die woorde en frases, soos wat dit in die interpersoonlike metadiskoerskategorie vervat is, deur die skrywer benut word om sy of haar teenwoordigheid, outoriteit en die genoemde solidariteit aan te dui. Dit dien ook as retoriese hulpmiddel om oor gedeelde kennis te besin én om die leser by al hierdie aksies te betrek.

2. Probleem en doel van ondersoek

Wanneer eerstejaarstudente die universiteit betree, word van hulle verwag om hul akademiese kennis deur middel van ’n toepaslike en noukeurige diskoers met die betrokke gemeenskap (in hierdie geval hul dosente) te kommunikeer (Meintjes, 2015: 76). Hierdie kommunikasie vind oor die algemeen plaas aan die hand van ’n geskrewe akademiese argument (Carstens, 2009: 88-90, Meintjes, 2015: 5 en 69, Meintjes, 2016: 2, Patterson en Weideman, 2013: 118 en 119, Sampson en Clark, 2006: 644, Van de Poel en Gasiorek, 2007: 34).

Aangesien in Afdeling 1 aangedui is dat interpersoonlike metadiskoers as een van die metadiskoerskonvensies gebruik word om die geskrewe akademiese argument te fasiliteer, is dit debatteerbaar of alle eerstejaarstudente direk ná hul sekondêre onderrig noodwendig oor hierdie kennis en vaardigheid sal beskik. In navorsing is trouens bevind dat hoërskoolleerders selde argumenterende opstelle skryf of selfs enige onderrig daarvoor ontvang (Olivier en Olivier, 2012: 14, Van Dyk, 2011: 487). Verder het Olivier en Olivier (2012: 15) bevind dat hoewel verskillende opstelkeuses aan leerders voorgehou word, lê die finale keuse oor die soort opstel wat geskryf word by die leerder; dit is nie ’n keuse wat op universiteit aan studente oorgelaat word nie (Jordaan en Meintjes, 2015: 286 en 287). Jordaan en Meintjes (2015: 286 en 287) is van mening dat eerstejaarstudente dit moeilik vind om geskrewe argumente duidelik en korrek te formuleer omdat hulle eers op universiteit werklik daarmee te make het.

In hierdie artikel gaan dit oor of Afrikaanssprekende eerstejaarstudente oor genoegsame kennis beskik vir die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie van sekerheidsmerkers in hul geskrewe argumente.¹ Hiervoor word nagegaan of die merkers wat gebruik word in die betrokke betoë, algehele sekerheid en die vaste oortuiging van bepaalde proposisies beklemtoon (Crismore et al., 1993: 47, Hyland, 1998: 443-444 en 2017: 20, Moini en Salami, 2015: 112). Verder word daarop ingegaan of die gebruik daarvan die skrywerstem op ’n objektiewe wyse versterk, dit wil sê of sekerheidsmerkers op só ’n wyse aangewend word dat ruimte vir alternatiewe sienings beperk of selfs daardeur

voorkom word; en of die argument deur die gebruik hiervan tot 'n beslissing gevoer word (Gold Sanford, 2012: 31, Takimoto, 2015: 99).

Om bogenoemde te bepaal, word ondersoek ingestel na die frekwensie, verspreiding en die wyse waarop sekerheidsmerkers in geskrewe argumente van eerstejaarstudente aan bod kom.

3. Metodologie

3.1 *Raamwerk vir analise*

Verskillende woorde en frases kan as sekerheidsmerkers in akademiese geskrewe argumente gebruik word. Sekerheidsmerkers word gekenmerk deur woorde en frases soos 'in fact', 'definitely', 'it is clear', 'certainly' en 'obviously' (Gold Sanford, 2012: 9, Hyland, 2017: 20, Moini en Salami, 2015: 112). Aangesien hierdie ondersoek op Afrikaanse studenteskryfwerk gerig is, is 'n lys van Afrikaanse sekerheidsmerkers uit die literatuur en uit 100 van die studentetekste wat intensief deur die navorser bestudeer is (sien Afdeling 3.2), saamgestel. Altesame 23 frases is geïdentifiseer wat as raamwerk vir hierdie analise dien (Tabel 1).

absoluut	inderdaad
beslis	klaarblyklik
blykbaar	met sekerheid
definitief	'n definitiewe bewys
die feit bly	ongetwyfeld
die feit van die saak	onomwonde
dit bevestig	(dit is) seker
dit bewys	sonder enige twyfel
dit is duidelik	sonder twyfel
dit is gewis	steeds
dit is logies	verseker ³
dit is 'n feit	

Tabel 1: Sekerheidsmerkers

3.2 *Korpus*

Die korpus vir hierdie ondersoek bestaan uit geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Dit sluit altesame 437 580 woorde in.

Deurentyd word rekening gehou met die etiese aspekte van die gebruik van 'n korpus bestaande uit tekste van studente. Die deelnemende studente is derhalwe deeglik ingelig oor die aard van die navorsing en het skriftelik toestemming vir

hul deelname aan die studie gegee. Hul deelname het anoniem plaasgevind en die studente kon te eniger tyd hul tekste aan die ondersoek onttrek.

3.3 *Data-analise*

Die korpusgebaseerde variant (deduktiewe benadering) van korpuslinguistiek is as metode gebruik om die tekste op 'n kwantitatiewe wyse te ontleed.'n Raamwerk van sekerheidsmerkers (sien Tabel 1) is saamgestel aan die hand waarvan empiriese analise met behulp van die rekenaarprogram WordSmith 5 kon plaasvind (McEney en Hardie, 2012: 9 en 149, Tognini-Bonelli, 2001: 66).

Die konkordansiefunksie van die genoemde rekenaarprogrammatuur is gebruik om eerstens die sekerheidsmerkers binne teksverband te ontleed. Vir hierdie ontleding is die frekwensie (hoeveelheid kere) wat 'n spesifieke sekerheidsmerker in elke teks se inleiding, hoofbespreking (inhoudelike gedeelte) en slot voorgekom het, vasgestel. Tweedens is die funksie wat elke merker vervul, nagegaan om te bepaal of die betrokke merker binne die betrokke konteks die korrekte betekenis oordra en of dit nie ook 'n ander funksie as slegs dié van 'n sekerheidsmerker kan vervul nie. Laastens is gekontroleer of die merkers wat gebruik is, die objektiwiteit van die skrywerstem laat verbeter. Sodoende is die sekerheidsmerkers (Tabel 1) soos wat dit in die studentekorpus figureer in 'n meer gedetailleerde raamwerk (Tabel 2) geplaas.

Aangesien die kwantitatiewe ontledingstegniek gepaardgaan met funksionele analyses, interpretasies en verduidelikings kan 'n kwalitatiewe interpretasie van die gekwantifiseerde data nie uit hierdie ondersoek weggelaat word nie (sien Afdeling 4, asook Conrad, 2002: 78, Gries, 2009: 4, Meintjes, 2015: 139).

Sekerheidsmerker	Frekwensie van gebruik in die inleiding, hoofbespreking en slot.	Funksie wat die betrokke merker in die korpustekste vervul.⁴	Enkele voorbeelde van merkers wat nie in te deel is as 'n sekerheidsmerker nie (sien Note 4); die voorbeelde in hierdie kolom is direk oorgeneem uit korpustekste van die studie.⁵
absoluut	10	Sekerheidsmerker	
beslis	86	Sekerheidsmerker	
blykbaar	6	Sekerheidsmerker	
definitief	31	Sekerheidsmerker	

die feit bly	21	Sekerheidsmerker	
die feit van die saak	1	Sekerheidsmerker	
dit bevestig	1	Sekerheidsmerker	
dit bewys	9	Sekerheidsmerker	
dit is duidelik	16	Sekerheidsmerker	Helen Zille het in haar toespraak by die afrikanse taal- en kultuurvereniging gese “die hart van ’n nasie se kultuur is sy taal, dit is duidelik <u>sigbaar</u> vir mense binne en buite enige nasie. Vir die Franse staan die Franse taal sentraal tot hul identiteit, hul gemeenskap, hul nasie en selfs hul siel.”
dit is gewis	0	‘Dit is gewis’ word nie deur die studente gebruik nie.	
dit is logies	2	Sekerheidsmerker	
dit is ’n feit	5	Sekerheidsmerker	
inderdaad	19	Sekerheidsmerker	
klaarblyklik	5	Sekerheidsmerker	
met sekerheid	8	Sekerheidsmerker	Geen persoon kan se hy is immuun teen die gevalle nie, want jy kan nooit met sekerheid se wanneer dit met jou gaan gebeur nie.
’n definitiewe bewys	1	Sekerheidsmerker	
ongetwyfeld	6	Sekerheidsmerker	Indien ’n mens van ’n paar geslagte na ons ’n huidige sms-boodskap moet ontrafel, sal hy ongetwyfeld dink dat dit werklik ’n onbeskaafde groep mense was wat op aarde gewoon het.

onomwonde	1	Sekerheidsmerker	
(dit is) seker	125	Sekerheidsmerker	Maak seker die doelwitte is haalbaar.
		‘Seker’ kan ook op weerhouding dui. Slegs voorbeelde waar ‘seker’ op vaste oortuiging dui, is dus hier gebruik.	
		‘Dit is seker’ word slegs gebruik om weerhouding uit te druk. Daarom word dit nie hier ingesluit nie.	
sonder enige twyfel	4	Sekerheidsmerker	
sonder twyfel	7	Sekerheidsmerker	
steeds	226	Sekerheidsmerker	Al is jy ’n volwassene is dit steeds nodig om gehoorsaam te wees aan die reëls.
		Hier is nagegaan of ‘steeds’ op die algehele geldigheid van standpunte in die geskrewe argument dui.	
Verseker (sien Note/n 3)	204	Sekerheidsmerker	Dit sou so bestuur word om te verseker dat jou geld die laagste moontlike risiko staan om verlore te gaan. Dit sou ook in ’n verskeidenheid besighede belê word.
		Hier is nagegaan of ‘verseker’ op die absolute sekerheid van die skrywer dui.	
			Geboue word omvattend verseker.

Tabel 2: Sekerheidsmerkers soos wat dit in die korpus tekste voorkom

Vervolgens word die finale getal en persentasie van sekerheidsmerkers wat volgens hul korrekte woordbetekenis gebruik is in Tabel 3, aangedui. Dit word aangetoon deur telkens te onderskei tussen die verspreiding daarvan oor die drie teksdele, te wete die inleiding, hoofbespreking en slot.

Sekerheids- merkers	Inleiding		Hoofbespre- king		Slot		Totaal
	Getal	%	Getal	%	Getal	%	
Vooroms	62	15	228	56	116	29	406

Tabel 3: Die hoeveelheid, persentasie en verspreiding van sekerheidsmerkers wat volgens woordbetekenis korrek in die korpustekste gebruik is

4. Bevindinge

Sekerheidsmerkers is altesame 406 keer volgens die juiste woordbetekenis in die korpustekste gebruik (sien Tabel 3). In die inleiding het die voorkoms van sekerheidsmerkers op 15% te staan gekom, terwyl 56% van die sekerheidsmerkers in die hoofbespreking aanwesig was en die oorblywende 29% in die slotgedeeltes gebruik is. Met in agneming van die verhouding wat die lengte betref tussen die inleiding, hoofbespreking en die slot blyk dit dat die studente relatief min van sekerheidsmerkers aan die einde van hul argumente gebruik gemaak het. Die gebruik daarvan is juis hier meer te wagte, aangesien dit in die slot is waar 'n argument tot 'n finale en besliste einde gevoer word en absolute sekerheid oor standpunte en argumente bevestig behoort te word.

Verder is bevind die sekerheidsmerkers 'beslis', '(dit is) seker', 'steeds' en 'verseker' het in die betrokke korpustekste 'n hoë gebruiksfrekwensie. Die ander merkers toon 'n laer gebruiksfrekwensie; sommige merkers het slegs een keer of selfs glad nie in die korpustekste voorgekom nie. Dit kan daaraan toegeskryf word dat eerstejaarstudente nog nie oor genoegsame kennis beskik rakende al die middele wat Afrikaans bied om algehele sekerheid en vaste oortuiging in argumentatiewe skryfwerk mee uit te druk nie.

Die wyse waarop sekerheidsmerkers in inleidings, hoofbesprekings en slotgedeeltes aangewend is, word vervolgens bespreek. Voorbeelde word ook uit die korpustekste verskaf ter ondersteuning van die kwalitatiewe interpretasie (sien in hierdie verband Note/n 5).

4.1 Die inleiding

Sekerheidsmerkers wat in die inleidings voorkom, is oor die algemeen gebruik om die leser van subjektiewe standpunte te oortuig sonder dat enige ondersteuning gebied is in die vorm van bewyse, redes of voorbeelde vir hierdie standpunte of dat daar getoon word dat hierdie standpunte verder aan die hand van eksterne inligting beredeneer sal word. Die studente wat die sekerheidsmerkers op hierdie wyse in hul inleidings gebruik het, het heel

moontlik nie geweet dat standpunte eers ondersteun en beredeneer moet word, voordat dit as feite genoem word nie.

Aangesien reeds in die inleiding dus geen poging blyk van die skrywer om met die akademiese diskoersgemeenskap in gesprek te tree nie, kan dit ook gestel word dat in die betoog niks daarvan te kenne gegee word dat die skrywer 'n verhouding met sy of haar lesers moet bewerkstellig nie. Dít kan afgelei word uit die aanbod van standpunte wat eensydig van aard is en, soos vroeër genoem, as feite aan die lesers voorgedien word. Hierdie inligting berus dus net op subjektiewe oordeel. Hyland (1998: 440, 443 en 453) benadruk in hierdie verband die belangrike rol van die verhouding tussen skrywer en lesers in akademiese argumente; dit gee die pragmatiese bevoegdheid van die skrywer se argument weer. Onderstaande dien as enkele voorbeelde waar sekerheidsmerkers nie volgens woordbetekenis en objektiewe skrywerstem in die inleidende gedeeltes van die korpustekste gebruik is nie. (Die sekerheidsmerkers in vetdruk en wat onderstreep is, is die artikelskrywer se beklemtoning van die voorbeelde uit die korpus.)

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld A:

*'n Beleggingsopsie in eiendomme is **definitief** die beste beskikbare opsie omdat dit 'n gesonde inkomste lever met die moontlikheid dat kapitaal groei inflasie sal klop. Die meeste aanbiedinge het ook die voordeel om in aanmerking te kom vir rente-inkomstebelasting. 'n Belegging in eiendom genereer 'n konstante en stygende inkomste 'n voordeel wat nie van toepassing is by aandeelbeleggings nie.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld B:

*Uitbranding van mens is **inderdaad** 'n teken van menslike swaakheid. Depressie gaan gepaard met swaakhede. Dit gee aanleiding dat mense onder die die broodlyn lewe.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld C:

*Die moderne kommunikasie tegnologie het **ongetwyfeld** die mens se kommunikasie vermoë en sosiale vaardighede nadelig beïnvloed.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld D:

*Hierdie stelling is **beslis** waar. Die Afrikaanssprekende mense in Suid-Afrika is **verseker** nie lojaal aan hulle taal nie daarom stem ek dus met hierdie stelling saam. Die Afrikaanssprekende inwoners van die land is besig om die taal af te skeep en daarom word die taal verwaarloos.*

Slegs enkele skrywers het sekerheidsmerkers korrek in die inleidende gedeelte

gebruik en sodoende hul objektiewe skrywerstem versterk. Die onderstaande uittreksels uit die korpus dien as voorbeelde.

Hier volg ’n uittreksel uit voorbeeld E:

Daar is ’n probleem oor die bepaling dat uitbranding en depressie as menslike swakheid beskou kan word in die moderne lewe. Kan dit werklik as ’n menslike swakheid beskou word of nie? Opinies sal in die opsig inderdaad verskil, want elke persoon voel anders oor die opsigte teenwoordig in menslike swakheid

Hier volg ’n uittreksel uit voorbeeld F:

*Deesdae raak dit al hoe meer opvallend dat Afrikaanssprekendes nie meer die nodige lojaliteit teenoor hulle taal bewys nie. Dit kom toenemend voor dat Afrikaanssprekendes hulle tale meng. Engelse woorde, woorde vanuit ander tale en selfs “slang” woorde word deesdae as aanvaarbaar geag en die invloed van hierdie neigings op die Afrikaanse taal word glad nie in berekening gebring nie. Daar word selfs vandag Engelse woorde in Afrikaanse woordeboeke aangetref. **Dit bevestig dat** hierdie woorde nou officieel aanvaarbaar is in die Afrikaanse taal. Strenger vereistes behoort ingestel te word ten opsigte van wanneer ’n vreemde woord in die Afrikaanse taal aanvaar behoort te word.*

Hier volg ’n uittreksel uit voorbeeld G:

*Die aantal ure wat om die braaivleis spandeer word, word toenemend vervang met die aantal ure wat ons nuwe generasie teen skerms vaskyk. Is ons egter antisosiaal om deur middel van kommunikasie tegnologieë te kommunikeer? **Dit is duidelik dat moderne kommunikasietegnologie nie verantwoordelik is vir ons mense se antisosiale gedrag nie. Hier is hoekom.***

Die skrywer van voorbeeld E gebruik die merker ‘inderdaad’ korrek, aangesien hierdie student van die standpunt uitgaan dat verskillende sienings kan bestaan oor of uitbranding en depressie verband hou met menslike swakheid al dan nie. Hierdie student lei dan ook ’n hoofbespreking in deur te sê: “Een opinie kan wees [...].” Dit dui dus bes moontlik daarop dat die student daarvan bewus is dat die verskillende opinies genoem, ondersteun en beredeneer moet word.

Die sekerheidsmerker ‘dit bevestig’ (in voorbeeld F) word korrek en op ’n ewewigtige wyse gebruik deurdat eers ’n duidelike agtergrond aan die leser verskaf word, en na aanleiding van hierdie kontekstualisering is bepaalde standpunte dan geformuleer. In die laaste voorbeeld (voorbeeld G) word reeds ’n gevolgtrekking gemaak rakende die rol van moderne kommunikasietegnologie in antisosiale gedrag. Hoewel hierdie gevolgtrekking gemaak word, dui die student aan dat in hierdie hoofbespreking ondersteuning en beredenering gaan plaasvind ten einde die gevolgtrekking te regverdig. Dit doen die skrywer deur te sê: “Hier is hoekom.”

4.2 Die hoofbespreking

Die meeste sekerheidsmerkers in die korpustekste is deur die studente in die hoofbespreking van hul argumente aangewend. Alhoewel die frekwensie in die gebruik van sekerheidsmerkers hier hoër was as in die ander dele van die teks, is die sekerheidsmerkers nie noodwendig gebruik om die geldigheid van standpunte op 'n objektiewe wyse te versterk nie. Dit blyk daaruit dat die standpunte nie altyd aan die hand van die nodige bewyse en voorbeelde ondersteun is nie. Eksterne inligting is dus op 'n beperkte wyse by die beredenering van standpunte betrek, en sodoende kon dit nie as waar aan die leser bewys word nie.

Die hoofbespreking bevat telkens veralgemenings en persoonlike aanvalle; 'n subjektiewe oordeel word gevel oor die onderwerp wat bespreek is. Verskeie studente het gepoog om die standpunt wat in die inleiding gestel is (tesisstelling) aan die hand van menings te verdedig. Sekerheidsmerkers is in hierdie geval dan foutiewelik gebruik om menings as feite aan die leser voor te hou. Derhalwe het die gebruik daarvan ook nie 'n objektiewe skrywerstem ondersteun nie.

Die onderstaande teksgedeeltes bevat voorbeelde waar sekerheidsmerkers in die hoofbespreking nie op 'n juiste manier gebruik is nie en dit ook nie daartoe bygedra het om 'n objektiewe skrywerstem te beklemtoon nie. Sien ook die dubbele versterking ('verseker duidelik') waarmee die skrywer van teks L 'n standpunt aantoonbaar probeer verabsoluteer.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld H:

*Verlating aan die moderne kommunikasietegnologie is aan die orde van die dag. Mense sal ure en ure vasgnael voor die skerm sit en niks kan hulle daar wegskeur nie. Kosbare tyd gaan daardeur verlore en belangrike werk kan agterweë gelaat word. Ook bly ander belangrike verhoudings in die slag. Dit lei **beslis** tot antisosiale gedrag.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld I:

Studente word deesdae ook nie meer gepenaliseer vir taal-, grammatika-en spelfoute in hul eksamenantwoordskrifte nie. 'n Mens wonder of the stryd vir goeie en aanvaarbare taalbegruik 'n verlore een is. Moontlik gaan dit gepaard met die algemene gebrek aan alle vorms van dissipline wat deesdae aan die orde van die dag is.

*Afrikaanse mense is **beslis** nie lojaal aan hulle taal nie, hulle het nie genoegsame respek vir hulle taal nie, want hulle gebruik dit nie in die suiwer vorm waarin dit veronderstel is om gebruik te word nie.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld J:

Om depressoef te wees is volgens my verseker 'n keuse. Jou eie keuse! Jy't 'n keuse om elke oggend op te staan, om werk toe te gaan en ook om positief te wees oor die dag met al sy inhoud. Om vriendelik te wees, die negatiewe mis te kyk en om net vir die positiewe te lewe, hang van jouself af en wanneer beproewinge jou pad kruis en jy negatiewe en teneergrdruk voel en jy net op daardie vlak bly, is depressoef jou voorland. **Dit is duidelik** dat die mens se swakheid hom hierheen lei.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld K:

Daar word deesdae minder oor en weergekuier tussen vriende aangesien alle inligting rakende daardie persoon op Facebook deur gegee word. Foto's, nuus asook gevoelens word op Facebook uitgedruk deur mense. Hierdie sosiale netwerk veroorsaak **verseker** antisosiale gedrag by mense deur na hierdie Feite te verwys. Kommunikasietegnologie het die kuier tussen vriende baie verminder en die geleentheid om tussen mekaar sosiaal te verkeer baie verminder.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld L:

Daar is ook bevind dat mense se taalvaardighede aan die afneem is weens die gebrek aan kommunikasie. Dit raak al moeiliker vir beide kinders en volwassenes om korrek te praat, te skryf en ook te spel. Dit is die eenvoudige boustene van Afrikaans wat afgebreek word en kan veroorsaak dat die taal inmekaar tuimel.

Dit is verseker duidelik dat Afrikaans agteruit gaan omdat niemand meer vir die taal opstaan nie. Almal gooi bande in die lug, verruil hul lojaliteit en kyk toe hoe die taal vernietig word. Alhoewel daar talle organisasies, soos die ATKV, bloed sweet om die taal te bevorder, word nie genoeg gedoen daaraan nie. Niemand kan Afrikaans red en uitbou as lojaliteit nie by die sprekers gekweek word nie. Dit is die mense wat die meeste invloed het wat sal moet opstaan vir Afrikaans en die lojaliteit in dae moet omskakel.

In hoofbesprekings waar sekerheidsmerkers korrek gebruik is, het die studente 'n poging aangewend om eksterne inligting te gebruik en met behulp daarvan hul standpunte te staaf. Hoewel van die studente gebruik gemaak het van nie-akademiese bronne, soos die koerant *Beeld* en die tydskrif *Huisgenoot*, blyk dit hulle het gewys dat standpunte met behulp van eksterne inligting ondersteun en beredeneer behoort te word, voordat sekerheidsmerkers gebruik word om 'n bepaalde argument te versterk. Die onderstaande dien as voorbeelde van die korrekte gebruik van sekerheidsmerkers en die skep van 'n objektiewe skrywerstem.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld M:

*Die beste manier om jou spaargeld te laat groei, is om 'n vaste bedrag elke maand te belê. Dit sal jou in staat stel om voordeel te trek uit enige skommeling in die markte. Volgens Mnr Feldman (beeld) is beleggingsfonds op eiendom se opbrengs 40% dit dui daarop dat dit **beslis** betaal om minstens 'n gedeelte van jou geld in eiendom te belê pleks daarvan om dit op allerlei ander dinge te bestee. Hierdie opbrengs is ook belastingvry wat 'n groot voordeel is tot jou as individu.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld N:

*Dit is verstommend dat selfs nie eers skoolkinders die druk wat op hulle geplaas word, kan hanteer nie. Onder andere die druk om te presteer op akademiese en of sportvlak is groot bydraende faktore. Moet dus nie vergeet wat 'n rol groepsdruk speel nie. Elke keer indien nog 'n jong skoolkind selfmoord gepleeg het, is dit uiters skokkend om daarvan in die media van kennis te neem. Lees dus die frases in die artikel in Huisgenoot, "Janie was dan altyd so'n sterk leerder wat so uiters goed presteer het op skool op 'n verskeidenheid vlakke en sy het tog in 'n gesonde huis groot geword." Verlede jaar in Desember het 'n matriekmeisie selfmoord gepleeg nadat daar aan haar gesê is hoekom sy slegs ses onderskeidings het en nie sewe nie. Wat 'n skokkende berig om in die Beeld te lees van 'n briljante mens met soveel potensiaal wat selfmoord pleeg. Ommenslik. Maar **die feit bly** staan, dit is 'n ongelooftlike stryd daar buite in die lewe om alles te kan verwerk wat oor die lewenspadjies loop.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld O:

*Daar moet in gedagte gehou word dat daar, al sou alle ongewenste immigrante die land verlaat, reeds sowat 35% werkloosheid in Suid Afrika heers. Die ineenstorting van die Zimbabwe ekenomie, asook die teleurstellend vertoning van ander ekenomie in Afrika het Suid Afrika die heuningpot gemaak waarna toe alle bye wil gaan. Immigrante het **inderdaad** na Suid Afrika gestroom oor die afgelope 10 jaar en daar word geraam dat tussen 10% en 15% van almal wat in Suid Afrika bly, onwettig of ten minste ongevraag in Suid Afrika vertoef. Ter illustrasie sou mens kon noem dat Hilbrow en Berea bykans heeltemal bewoon word deur ongewenste buitelanders. Die demografe bereken dat sowat 4,5 miljoen te 8 miljoen mense in Suid Afrika van n totale inwonertal van ongeveer 45 miljoen onwettig of ongevraag is (2008 Sensus).*

4.3 Die slot

Sekerheidsmerkers kom selde in die slotgedeelte van die argumente voor, terwyl dit juis hier te verwagte is dat 'n skrywer sy of haar argument finaal moet afsluit. Die rede hiervoor is dat van die studente nie in die hoofbespreking op eksplisiete wyse genoegsame ondersteuning vir hul gestelde standpunt(e) kon bied nie (sien Afdeling 4.2), gevolglik het hulle dit moeilik gevind om in die slotgedeelte die aanvanklike tesisstelling finaal te bevestig. Die lae voorkoms van sekerheidsmerkers in hierdie deel van die korpustekste kan ook daaraan toegeskryf word dat van die studente die tesisstelling reeds in die inleiding bekragtig het (sien Afdeling 4.1).

Ten spyte daarvan dat sekerheidsmerkers min in die slotgedeeltes voorgekom het, kan daarop gewys word dat die meeste sekerheidsmerkers wat wel hier gebruik is, korrek gebruik is. Dit is gebruik om die tesisstelling wat in die inleiding gemaak is, en wat in die hoofbespreking aan die hand van voldoende ondersteuning beredeneer is, te bevestig. Hierdeur het die studente die feitlikheid van hul standpunte en argumente op 'n objektiewe wyse beklemtoon en sodoende die argument afgesluit.

Vervolgens word enkele voorbeelde uit die korpustekste verskaf om aan te toon hoe sekerheidsmerkers in hierdie verband gebruik is.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld P:

*Al die bogenoemde statistieke en getalle kan nie net weggevee word nie, mens kan nie net maak asof dit nie bestaan nie. **Dit is duidelik** dat depressie nie net bestaan en 'n siekte is nie, maar dat dit ook lewensgevaarlik is en deur te weier om iets te doen omtrent dit 'n persoon ernstige gevolge gaan dra, waarvan die verlies aan geluk die minste is. Depressie is aktueel en beslis nie 'n teken van menslike swakheid nie, maar 'n moderne siekte, wat ons dreig in ons moderne samelewing.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld Q:

Met al hierdie inligting in ag geneem is dit my eie mening om te sê dat depressie en uitbranding beslis nie 'n teken van swakheid is nie. Mense wat dit so ervaar en met so houding teenoor mense wat aan depressie ly optree het nie 'n benul waaroor dit gaan nie.

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld R:

*As 'n persoon alles in ag neem is die feite soos volg; elke gesin en elke persoon se behoeftes is verskillend. Vir hierdie rede sal 'n mediese fonds vir byvoorbeeld 'n gesin met kinders **definitief** nie 'n mors van geld wees nie.*

Hier volg 'n uittreksel uit voorbeeld S:

*Deur na al hierdie feite te kyk, kan daar **verseker** saamgestem word dat die moderne kommunikasietegnologie verwoontlik is vir die mens se antisosiale gedrag en dat sosiale netwerke nie altyd goed is vir die samelewing nie.*

5. Slot

In hierdie artikel is ondersoek ingestel na die gebruik van die interpersoonlike metadiskoerskategorie, sekerheidsmerkers, in die geskrewe argumente van Afrikaanssprekende eerstejaarstudente. Daar is gepoog om vas te stel of hierdie studente kennis dra van die verskillende sekerheidsmerkers wat in Afrikaans

gebruik kan word om argumente mee te bekragtig. Verder is daar ondersoek ingestel of die merkers wat wel gebruik is, korrek gebruik is volgens die betekenisfunksie daarvan, en of die gebruik daarvan skrywerstem op 'n objektiewe wyse versterk het.

Uit korpusdata blyk dit sekerheidsmerkers is selde in die korpustekste gebruik. Die meeste merkers toon 'n lae gebruiksfrekwensie. Studente het dit ook moeilik gevind om die merkers korrek toe te pas én 'n objektiewe skrywerstem te bewerkstellig.

Sekerheidsmerkers is in die korpustekste hoofsaaklik benut om persoonlike standpunte as feite voor te hou, dit op 'n subjektiewe wyse te versterk en die leser daarvan te probeer oortuig sonder dat nodige begroning plaasgevind het. Verder is die sekerheidsmerkers ook nie altyd gebruik om die geldigheid van standpunte op 'n ewewigtige wyse te versterk waar begroning wel plaasgevind het nie.

Die merkers wat in die slotgedeeltes voorgekom het, is meestal korrek gebruik, dit wil sê om standpunte en argumente op 'n beredeneerde wyse te versterk, nadat deeglike begroning in die besprekingsgedeelte plaasgevind het. Op hierdie wyse is 'n objektiewe skrywerstem bewerkstellig.

Na aanleiding van hierdie ondersoek blyk dit uit die korpusondersoek dat die deelnemende Afrikaanssprekende eerstejaarstudente nie aan die begin van hul universiteitstudie oor die nodige kennis en vaardigheid beskik om alle sekerheidsmerkers op 'n toepaslike wyse in geskrewe argumente te gebruik nie. Aangesien metadiskoers 'n pertinente rol speel in die skep van 'n verhouding tussen die skrywer en leser en interpersoonlike metadiskoers hierdie kommunikasie fasiliteer, is dit belangrik om eerstejaarstudente te akkultureer in die redes vir en gebruik van sekerheidsmerkers.

Op universiteit behoort geleentheid gebied te word om eerstejaarstudente se kennis te verbreed rakende die verskeie merkers wat 'n sekerheidsfunksie vervul in die daarstel van 'n akademiese geskrewe argument. Hierdie vaardigheid behoort verder ontwikkel te word vir die korrekte gebruik van hierdie merkers ten einde 'n objektiewe skrywerstem te ontwikkel.

Noordwes-Universiteit

Bronnelys

- Amiryousefi, M. en Rasekh, A.E.** 2010. Metadiscourse: Definitions, issues and its implications for English teachers. *English Language Teaching*, 3(4): 159-167.
- Beauvais, P.J.** 1989. A speech act theory of metadiscourse. *Written Communication*, 6(1):11- 30.

- Carstens, A.** 2009. The effectiveness of genre-based approaches in teaching writing: subject-specific versus cross-disciplinary emphases. Ongepubliseerde DPhil-proefskrif. Pretoria: Universiteit Pretoria.
- Conrad, S.** 2002. Corpus linguistics approaches for discourse analysis. *Annual review of Applied linguistics*, 22: 75-95.
- Crismore, A.** 1983. *Metadiscourse: What is it and how is it used in school and non-school social science texts*. Urbana-Champaign: University of Illinois.
- Crismore, A.** 1989. *Talking with readers: Metadiscourse as rhetorical act*. Series XIV, Vol. 17. New York: Peter Lang.
- Crismore, A., Markannen, R. en Steffensen, M.S.** 1993. Metadiscourse in persuasive writing. *Written communication*, 10(1): 39-71.
- Fairbairn, G. en Winch, C.** 2011 (1993). *Reading, writing and reasoning: a guide for students*. Maidenhead: McGraw-Hill.
- Fu, X.** 2012. The use of interactional metadiscourse in job postings. *Discourse Studies*, 14(4): 339-417.
- Gold Sanford, S.** 2012. A Comparison Of Metadiscourse Markers And Writing Quality in Adolescent Written Narratives. Ongepubliseerde MSc-tesis. Missoula: University of Montana.
- Gries, S.T.H.** 2009. *Quantitative Corpus Linguistics with R.: A Practical Introduction*. New York: Routledge.
- Harris, Z.** 1959. The transformational model of language structure. *Anthropological Linguistics*, 1(1): 27-29.
- Hu, G. en Cao, F.** 2015. Disciplinary and paradigmatic influences on interactional metadiscourse in research articles. *English for Specific Purposes*, 39: 12-25.
- Hyland, K.** 2005. *Metadiscourse: Exploring interaction in Writing*. London: Continuum
- Hyland, K.** 1998. Persuasion and context: the pragmatics of academic meta-discourse. *Journal of Pragmatics*, 30: 437-455.
- Hyland, K.** 2004. Disciplinary interactions: metadiscourse in L2 postgraduate writing. *Journal of second language writing*, 13: 133-151.
- Hyland, K.** 2017. Metadiscourse: What is it and where is it going? *Journal of Pragmatics*, 113: 16-29.
- Hyland, K. en Tse, P.** 2004. Metadiscourse in academic writing: a reappraisal. *Applied Linguistics*, 25(2): 156-177.
- Ifantidou, E.** 2005. The semantics and pragmatics of metadiscourse. *Journal of Pragmatics*, 37: 1325-1353.
- Jordaan, A.** 2014. Die gebruik van metadiskoers in Afrikaans T1-skryfwerk van eerstejaar-universiteitstudente. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit.
- Jordaan, A. en Meintjes, Z.** 2015. Die gebruik van die metadiskoerskategorie

- “bewyse” as voorvereiste vir suksesvolle argumentatiewe skryfwerk op tersiêre vlak. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 49(1): 281-305.
- Jordaan, A.** 2016. Afrikaanse verbandsmerkers: uitbreiding en herkategorisering van voorbeeldwoorde. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 34(2): 147-167.
- McEnergy, T. en Hardie, A.** 2012. *Corpus linguistics*. Cambridge: Cambridge University.
- Meintjes, Z.** 2015. Koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaarstudente: ’n teksgebaseerde ondersoek. Ongepubliseerde PhD-proefskrif. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Meintjes, Z.** 2016. Konjunksiemerkers: ’n indeling in Afrikaans vir die gebruik in geskrewe akademiese argumente op universiteit. *Tydskrif vir Nederlands en Afrikaans*, 23(1): 81-102.
- Moini, R. en Salami, M.** 2015. Stance And Engagement Discourse Markers In: Journal’s “Author Guidelines”. *The Journal of Teaching Language Skills*, 7(3): 109-140.
- Olivier, L. en Olivier, J.** 2012. (Her-)stelwerk: skoolopstelle as voorbereiding vir akademiese geletterdheid op universiteitsvlak. *Tydskrif vir Taalonderrig*, 46(1): 30-44.
- Patterson, R. en Weideman, A.** 2013. The Typicality of Academic Discourse and its Relevance for Constructs of Academic Literacy. *Journal for Language Teaching*, 47(1): 107-123
- Sampson, V.D. en Clark, D.B.** 2006. Assessment of argument in science education: a critical review of the literature. *International Society of the Learning Sciences*, 655-661.
- Taalkommissie.** (samesteller). 2009 (1917). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Taalkommissie.** (samesteller). 2017 (1917). *Afrikaanse woordelys en spelreëls*. Kaapstad: Pharos.
- Takimoto, M.** 2015. A corpus-based analysis of hedges and boosters in English academic articles. *Indonesian Journal of Applied Linguistics*, 5(1): 95-105.
- Tavanpour, N., Goudarzi, Z. en Farnia, M.** 2016. Interactional Metadiscourse Markers in Sports News in Newspapers: a Cross-cultural Study of American and Iranian Columnists. *The Philologist*, 1: 1-13.
- Tognini-Bonelli, E.** 2001. *Corpus linguistics at work*. Amsterdam: John Benjamins.
- Van de Poel, K. en Gasiorek, J.** 2007. *All write. An introduction to writing in an academic context*. Leuven: Acco.
- Van Dyk, T.** 2011. Ondersoek na die Impak van ’n Akademiese Geletterdheidsintervensie op Eerstejaarstudente se Akademiese Taalvermoë. *LitNet Akademies*,

8(3): 487-506.

Vande Kopple, WJ. 1985. Some exploratory discourse on metadiscourse. *College Composition and Communication*, 36(1): 82-93.

Van Huyssteen, G. 2017. Verseker of vir seker is soms 'n taai tameletjie. *Viva*, 25 Maart. viva-afrikaans.org/lees-luister/blog/item/243-verseker-of-vir-seker-is-soms-'n-taai-tameletjie. (Datum van gebruik: 10 Februarie 2022).

Note

1. Hierdie artikel is deel van 'n groter ondersoek na koherensie in die argumentatiewe skryfwerk van eerstejaarstudente.
2. Afrikaanse en Engelse vakhandboeke, taalgidse en artikels is vir hierdie doel nagegaan. Vertaling het daarom ook deel gevorm van hierdie proses.
3. Die raamwerk vir die analise van sekerheidsmerkers én die korpusstekste dateer van tussen 2010 en 2014. Gedurende hierdie tydperk is in *Afrikaanse woordelys en spelreëls* (AWS) aangedui dat 'verseker' die betekenis het van 'sonder twyfel'; 'beslis' (vergelyk AWS, 2009). Die verandering in betekenis van 'verseker' is eers opgeteken in die onlangse uitgawe van die AWS (2017), naamlik dat dit op 'verseker, -de; verseker, het -', dui (vergelyk ook Van Huyssteen, 2017). Om hierdie rede is in die ondersoek volstaan met die spelvorm 'verseker' met die betekenisfunksie van 'sonder twyfel; beslis'.
4. Hier word spesifiek op die argument gefokus. Indien dit blyk dat 'n bepaalde merker nie die funksie van 'n sekerheidsmerker vervul nie, is dit nie by die ondersoek ingesluit nie (sien in hierdie verband Afdeling 3.3).
5. Die korpusvoorbeelde is direkte aanhalings; geen aanpassings is gemaak nie. Vetdruk en/of onderstreping word wel daarin gebruik om bepaalde verbande uit te lig.

Resensie

Het Andere Postkoloniale Oog. Onbekende kanten van Nederlandse (post)koloniale culturen

Redakteur: Michiel van Kempen

Courtneigh Ess

Van Fanon tot Spivak, van Bhabha tot Said en van Achebe tot Rushdie – hul werke is sprekend van die aanwending, toepassing en bruikbaarheid van postkoloniale teorie. Met *Het Andere Postkoloniale Oog* (2020), saamgestel deur Michiel van Kempen, word ’n vernuwend teoriebydrae tot die internasionale postkoloniale diskoers gelewer. Al in die titel van hierdie bundel essays word op ’n vernuwend inslag gesinspeel.

Het Andere Postkoloniale Oog bevat 24 bydraes wat aan die hand van uiteenlopende genres die dinamiese aard van die postkolonialisme bevestig. In die bundel word gefokus op interverhoudings tussen subjekte, simbiose tussen die hede en die verlede en die heterogene aard van kulturele identiteitskepping. Dit herinner aan die postkoloniale kritikus, Achille Mbembe (2001:14) se benadering van die postkolonialisme: “As an age, the postcolony encloses multiple durées made up of discontinuities, reversals, inertias, and swings that overlay one another, interpenetrate one another, and envelope one another: an entanglement.” Uiteraard is dit presies wat in *Het Andere Postkoloniale Oog* bewerkstellig word: In die teks word die oorkoepeling en verstrengeling van koloniale en postkoloniale stemme wat oor mekaar, vir mekaar en teen mekaar praat, sentraal gestel.

Die bundel word in vier hoofkategorieë verdeel, naamlik Nederlands-Indië, Nederlands-Karibies, Suid-Afrika en die literatuur van “Nieuwe Nederlanders”. Hierdie konteks-spesifieke kategoriserings bied ’n sistematiese oorsig van die ontwikkeling van postkolonialisme en sodoende sluit dit aan by die postkoloniale teorie waar spesifisiteit en historisiteit deurgaans op die voorgrond geplaas word.

Het Andere Postkoloniale Oog word ingelei met ’n feesrede van die Nederlandse skrywer J.Z. Herrenberg, wat die multikulturele aard van die Nederlandse samelewing en subjekte vier en verheerlik. Die feesrede is vervleg met Herrenberg se persoonlike narratief met spesifieke verwysing na sy Surinaamse pa en sy hibriede herkoms. Dié persoonlike narratief vind inkleding by die groter postkoloniale diskoers wat hibriditeit, sinkretisme en kreolisering sentraal stel.

Sodoende illustreer Herrenberg, aan die hand van sy persoonlike narratief, die ambivalente uitwerking van hibriditeit op die koloniale diskoers binne 'n postkoloniale konteks.

Die eerste essay in die versameling, “De vloek van Cham voorbij” deur Ken Mangroelal, is in dagboekformaat geskryf. Hierdie narratiewe strategie dui op 'n alternatiewe teoretiese benadering van postkolonialisme waarin die skrywer op 'n selfaktualiserende wyse terugskryf op koloniale diskoerse en metanarratiewe. Sodoende kom die postkoloniale bemoeienis met stemgewing duidelik na vore in Mangroelal se essay. In sy bydrae dui hy telkens op die hiaat wat betref subalterne stemme in die Nederlandse geskiedenis, taal en literatuur. Hierdeur illustreer Mangroelal hoe taal as 'n uitsluitingsmeganisme funksioneer wat vervreem, verswyg en verdring. Om hierdie rede benadruk hy die waarde van verskeie genres soos literatuur, film, dans en toneelspel om hierdie versweë stemme en ervarings te agterhaal.

Dit is dus nie verbasend dat *Het Andere Postkoloniale Oog* uiteenlopende genres as toepassingsveld vir die postkolonialisme benut nie. In “Zingen over voorheen De West; Over het eiland Suriname en het land Curaçao” stel Bert Paasman ondersoek in na liedere wat gesing is in vroeëre koloniale handelsgebiede in Oos- en Wes-Indië, en in Suid-Afrika. Opvallend is die tydloosheid van hierdie liedere en die wyse waarop hierdie liedere as draers van kulturele identiteite en diskoerse dien. Hilde Neus werp in “Een ‘Surinaams’ blijspel in de chicanes van de Amsterdamse elite” 'n soeklig op die blyspel en toneelstuk “Klucht van Hans Michel Frisschensteccher” en belig hiermee die uitwerking van koloniale ideologieë op liefdesverhoudings oor ras- en klasgrense heen.

Hariëtte Mingoën fokus in “Gamelan: Surinaams-Javaans erfgoed dat dreigt verloren gaan” op Gamelan, 'n versameling van instrumente en musiek wat deur Javaanse migrante na Suriname gebring is. Mingoën huldig Gamelan as 'n draer van Surinaams-Javaanse kulturele erfenis wat tans uitsterf. In hierdie verband kan Mingoën se fokus op Gamelan beskou word as 'n poging waardeur Gamelan nie net gevier word nie, maar ook (ten minste op papier) behou word.

Aminata Cairo bied in “Hebi sani e dansi; Dans als een uiting van geestelijk welzijn onder slavernij” 'n verkennende blik op dans as 'n vorm van selfuitdrukking en toevlug onder die Afro-Surinaamse Kriyoro-bevolking. Cairo maak gebruik van 'n meervlakkige benadering wat Karibiese, swart en transnasionale feminismes insluit. Dans word hier voorgedou as 'n intrinsieke merker van die Afro-Surinaamse vroulike identiteit en ook as 'n instrument wat vroulike bemagtiging en solidariteit in 'n hoogs patriargale samelewing bewerkstellig het.

Hierdie feministiese inslag word voortgesit in Adrienne Zuiderweg se

essay “Krassende pennen; Kroniek van een schrijvende moeder, dochter en schoonzoon” waar sy hoofsaaklik ondersoek instel na die werk van die Nederlands-Indiese vroueskrywer M.C. Frank. Ook Jacqueline Bel bring ’n feministiese inslag na vore wanneer sy in die “De ‘inheemse schonen’; Van cliché tot kultuurkritiek” op die representasie van inheemse vroue in Indiese romans in Nederland fokus. Veral Bel se bespreking van gevestigde postkoloniale teoretiese inslae is prysenswaardig, omdat sy daarin deurgaans die patriargale ondertoon van hierdie teorieë ontbloot.

Lonneke Geeling en Ellen de Vries bied ’n verkennende blik op feministiese en humanistiese solidariteit oor ras- en kulturele grense heen. In hul essay stel hulle ondersoek in na die verhouding en vriendskap tussen die skrywer Rosey Pool en die illustreerder Nola Hatterman. Opvallend hier is die erkenning van wit kulturele bemiddelaars se bydraes tot die swart vryheidstryd.

In *Het Andere Postkoloniale Oog* word voorts literêre en tekstuele verbande tussen boeke belig wat in verskillende sosio-politieke kontekste verskyn het. In “De Aap leef voort; Een analyse van het verhaal ‘Voor Alex Burrough’ (2002) van Abdelkader Benali als ‘rewriting’ van *Mijn aap schriet* (1928) van Albert Helman” bespreek Judit Gera twee verhale uit verskillende tydsgewigte. Beide verhale handel oor ’n aap en Gera argumenteer dat Benali se teks beskou kan word as ’n herskrywing van Helman se verhaal vanweë intertekstuele verbande. Hierdie literêre simbiose tussen hede en verlede belig die spanning tussen ’n voortdurende veranderende realiteit en terugkerende narratiewe – ’n dialektiese verhouding wat sentraal staan binne die postkoloniale teorie.

Op ’n soortgelyke wyse stel Margriet van der Waal ondersoek in na die ideologiese werking tussen literêre tekste en die sosiale samelewing met aandag aan die uitbeelding van ’n omstrede Suid-Afrikaanse historiese figuur, Coenraad Buys. Van Der Waal bestudeer representasies van Buys soos wat dit neerslag gevind het in die Suid-Afrikaanse romans *King of Bastards* deur Sarah Gertrude (1950) en *Buys: ’n Grensroman* deur Willem Anker. Van der Waal argumenteer dat die (negatiewe) uitbeelding van Buys in Gertrude se roman teruggevoer kan word na dominante ideologiese verwysingsraamwerke van die apartheidsregime, waar rashibriditeit verafsku is. In teenstelling hiermee, word Buys in Anker se roman as ’n soort mitiese figuur uitgebeeld, en volgens Van der Waal is dit tekenend van ’n postapartheidsideologie waarin hibriditeit gevier en verheerlik word. Buiten die feit dat Van der Waal duidelik illustreer hoe literêre tekste dikwels ingeklee word deur sosiale opvattinge oor identiteite, belig sy in haar essay ideologiese diskrepanse wat in koloniale en postkoloniale literatuur bestaan.

Buiten die bovermelde fokus op uiteenlopende genres en toepassingsvelde van die postkolonialisme, word ’n aantal (andersins vergete) historiese figure in die

sosio-politieke konteks van die Nederlands-Karibiese streek erken. Kees Snoek bied ’n blik op die lewenservaring van ’n Indonesiese nasionalis en politikus, Sjahrir, in “Sjahrir privé: de troost van muziek en natuur”. Snoek steun daarin grootliks op briewe deur Sjahrir in ’n poging om ’n genuanseerde oorsig van sy lewe en ervaring te bied. Die fokus op Sjahrir se briewe as ’n persoonlike narratief bring ’n kenmerkend postkoloniale fokus na kleiner en verswygde narratiewe na vore waarin die stem van die onderdrukte sentraal staan.

Het Andere Postkoloniale Oog fokus veral op die Nederlands-Karibiese konteks. Hieruit ontstaan ’n geskakeerde beeld van intrinsieke geografiese en historiese verskille en die uitwerking daarvan op die literatuur. In die essay “Pierre Lauffer als Nederlandstalig outeur” bespreek Wim Rutgers ’n skrywer van Curaçao, Pierre Lauffer. Cynthia Abrahams kyk in “Flonkeringen uit de goudwastrog: Interessante feiten uit de nalatenschap van Trefossa” na die literêre nalatenskap van die skrywer Trefossa* (skuilnaam van Henri Frans de Ziel) met aandag aan sy spinverhaal, kladblok en konsepbriewe, opstelle en sy digkuns. Klaas de Groot bied in sy essay “Een durian als handgranaat. Over zeven ‘Indische’ gedichten van Bernardo Ashetu” ’n herlesing en herwaardering van Ashetu se poësie en toon aan hoedat Ashetu as postkoloniale skrywer literêre verbeelding en digkuns as instrumente van bevryding aangewend het.

Internasionale polemieë rondom postkolonialisme bevat uiteenlopende menings met betrekking tot wat beskou kan word as postkoloniale literatuur en wat nie. Boehmer (1995:3) voer aan dat postkoloniale literatuur krities omgaan met koloniale diskoerse, beelde en ideologieë. Die tydvak waarin literatuur verskyn het, maak dit dus nie per definisie ‘postkoloniaal’ nie. Postkoloniale literatuur word eerder gekenmerk deur ’n dissidente inslag wat koloniale ideologieë en denkwyses uitdaag. Remco Raben illustreer duidelik hierdie uitgangspunt in sy bestudering van die roman *President Dramakutra* deur Henk (Hendrik) van Galen in die essay “De president, zijn kabinet, de journalist en de Westerling; Over het universalisme in H. van Galen Lasts *President Dramakutra*”. Die roman het in 1957 verskyn teen die agtergrond van die heersende spanning tussen Nederland en Indonesië. Die inhoud was radikaal en progressief vir dié tyd, en is destyds nie positief ontvang nie. Na die verloop van meer as vyf dekades (her)waardeer Raben hierdie roman uit ’n postkoloniale raamwerk. In sy analise belig hy die wyse waarop dominante diskoerse oor die Ooste en Weste in hierdie roman uitgedaag word. Op grond daarvan kan hierdie roman, ten spyte van die tydsgewrig waarin dit gepubliseer is, as ’n postkoloniale teks beskou word.

Het Andere Postkoloniale Oog verleen voorts ’n nuwe dimensie aan die bestudering van swart vroueliteratuur. In hierdie verband lewer Yra van Dijk ’n waardevolle bydrae met haar essay “Media, materialiteit en relatie in Astrid

Roemers *Lijken op liefde*” waarin sy ondersoek instel na die literatuur van die Surinaamse skrywer Roemers. Van Dijk toon aan hoe Roemers se literatuur aan die hand van alternatiewe vertelstrategieë ’n eiesoortige en intrinsieke blik op die Surinaamse geskiedenis bied. Die essay word onderlê deur ’n omvangryke teoretiese raamwerk wat nuttig blyk vir die bestudering van swart vroueskrywers se literatuur, met toespitsing op die postkoloniale vrouestem.

In die slothoofstuk bekyk Van Kempen ’n nuwe generasie skrywers in die Nederlands-Karibiese konteks wat vernuwing in hierdie letterkunde teweeggebring het. Hy identifiseer daarin ’n meertalige benadering, ’n fokus op migrasie-tematiek en rasseproblematiek as vernuwende inslae onderliggend aan hierdie literatuur. Dit is opmerklik dat hierdie bevindinge grootliks resoneer met literêre ontwikkelings binne Afrikaanse literatuur: *Hy kom met die skoelappers* deur Valda Jansen (2016) konfronteer byvoorbeeld die migrasie-tematiek terwyl die resente debuutbundels van Ryan Pedro (*Pienk ceramic-hondjies*, 2020) en Veronique Jephthas (*Soe rond ommie bos*, 2021) in die teken staan van meertaligheid asook ’n kritiese blik bied op die rasseproblematiek in postapartheid Suid-Afrika. Van Kempen se werkwyse dien sodoende as ’n nuttige rigsnoer vir diegene wat nuwe ontwikkelings binne die trajek van postkoloniale letterkunde in bepaalde kontekste ondersoek.

In hierdie bundel word ’n heterogene, nietotaliserende benadering van postkolonialisme versinnebeeld. Erkenning word gegee aan diversiteit, pluralisme en fragmentering binne die postkoloniale diskoers en dit word op verskeie maniere gevier. Hierdie benadering roep nuwe ondersoekmoontlikhede op en vestig die teks as ’n essensiële bron vir studente en teoretici werksaam in die postkoloniale denkskool.

Universiteit van Wes-Kaapland

Bronnelys

- Boehmer, E.** 1995. *Colonial and Postcolonial Literature*. Oxford University Press: New York.
- Jansen, V.** 2016. *Hy kom met die skoelappers*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Jephthas, V.** 2021. *Soe rond ommie bos*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Mbembe, A.** 2001. *On the postcolony*. London: University of California Press.
- Pedro, R.** 2020. *Pienk ceramic-hondjies*. Kaapstad: Kwela Uitgewers.

Resensie

Na die wette van afskeid en herfs – ’n keuse uit die gedigte van Eddy van Vliet

Vertaler: Daniel Hugo

Roné Wierenga

Na die wette van afskeid en herfs (2021), ’n keuse uit die poësie van die bekroonde Nederlandse digter Eddy van Vliet wat deur Daniel Hugo saamgevat en vertaal is, bied ’n vergestaltung van die bewoë bewustheid van verlies en verganklikheid wat Van Vliet se oeuvre kenmerk. Verlies aan liefde en die uiteindelijke afsterwe van geliefdes – veral die afwesige, onpeilbare vaderfiguur – herinner aan laatstyl. Van Vuuren (2014: 695) skryf oor laatwerk onder meer die volgende:

[T]ipies is ’n gevoel van isolasie en ’n stoïsynse gestrooptheid in die laatwerk van skrywers. Werklik groot kunstenaars bied in hulle laatwerk dus insig in een of ander irrasionele en absolute waarheid, ten spyte van die ruheid van die styl, die pessimisme teenoor die lewe, die mens en die geringskatting van hulle eie waarde.

In Van Vliet se gedigte is isolasie, ’n gestrooptheid, asook vereenvoudigde taalgebruik en versstrukture egter nie beperk tot sy laaste werke nie, maar kenmerkend van sy oeuvre soos in die gedig “Biografie” (bl. 11) (oorspronklik uit sy bundel *Columbus tevergeefs*, 1970) gedemonstreer word:

ek is gebore in ’n wintertuin
sonder maagkanker
en met ’n merel in die keel

ek sal sterwe in ’n winter
met maagkanker
en ’n kondor in die keel.

Die opregte wyse waarop uiting gegee word aan diepgetelde emosies en naakte gedagtegang oor binêre opposisies soos liefde en verlies, lewe en dood, afwesigheid en aanwesigheid, spreek tot die neoromantiese beweging wat veral handel oor die tematiek van verlange en ’n onvervulde bestaanservaring.

Sommige van Van Vliet se gedigte, soos “Beeld in Salamanca” (bl. 79), herinner veral aan die skoonheidskultus wat met die neoromantiese beweging geassosieer word, terwyl die gedigte oor die afwesige vaderfiguur en verlore liefde veral spreek tot die selfbetrokke meditasies en ervaring van maatskaplike oorbodigheid en melankolie – sien byvoorbeeld “As” (bl. 75). Van Vliet behou sy weerbaarheid in ironie en selfrelativering – sien onder meer “Pa” (bl. 17), “Met pastelpotlode van Talens & Zoon” (bl. 21) en “’n Jaar voor hy vir goed die huis verlaat” (bl. 23):

’n Jaar voor hy vir goed die huis verlaat
 en ek hom in die kombuis
 – my stem in ’n handdoek gewikkel –
 ’n lafaard noem
 leer ek my pa latyn

Met die rekening van ’n vreemde hotel in sy sak
 skryf hy getrou aan plig en sondagsrus
 – belcanto op die agtergrond –
 die genitief van *lupus* neer en *ancilla* vir bediende

Die spysverteringstelsel van die mossel
 boei hom meer
 as my te laat ontdekking dat trane sout is.

Van Vliet se vermoë om met eenvoudige taal ’n byna tasbare outobiografiese beeld te skep, word weerspieël in Hugo se eenvoudige vertalings wat ’n ongekonstelde beeld, gestroop van pretensie, weergee. Alhoewel Van Vliet se eenvoudige sinstrukture en woordkeuses die Nederlandse gedigte toeganklik maak vir Afrikaanse lesers, bewerkstellig Hugo tog ’n verdieping van die emosies in sy vertalings wat ook so sentraal in Van Vliet se digkuns staan. Die Afrikaans anker die gedigte in ’n persoonliker konteks en kultuur vir die Afrikaanse leser waardeur ’n mate van transtaling steeds plaasvind. Een voorbeeld hiervan kom in “Waterglas 1” (bl. 28-29) voor. In die oorspronklike Nederlands lees dit soos volg: “Maar wat weet een zelfvoldaan waterglas / over zijn familie die enkel rijpt / aan gulzige lippen, geveerd en luidruchtig”, terwyl dit in die Afrikaans gestel word as: “Maar wat weet ’n selftevrede waterglas / van sy familie wat slegs floreer / aan gulsige lippe, geveerd en luidrugtig”.

Die bundel bestaan uit 13 dele wat elkeen ’n keur uit Van Vliet se digbundels bevat. Die 36 geselekteerde gedigte verteenwoordig die digter se oeuvre met gedigte wat dateer van Van Vliet se eerste bundel, *Het lied van ik* (1964), tot sy

laaste bundel, *Gigantiese dagen* (2002), en werk uit die publikasie *Laaste gedichten* (2003) wat ná sy sterwe verskyn het. Twee van Van Vliet se digbundels staan egter sentraal, te wete *De binneplaats* en *De toekomstige dief*, waaruit ses gedigte elk by *Na die wette van afskeid en herfs* ingesluit is, terwyl uit ander bundels slegs een of twee gedigte gekies is. Hugo, in 'n onderhoud met Yves T'Sjoen, verklaar egter dat daar nie doelbewus meer gewig in sy keur gegee is aan sekere van Van Vliet se bundels weens hul prominensie in die Nederlandse kanon nie, maar dat die keuse van gedigte op Hugo se persoonlike voorkeure gegrond is (T'Sjoen en Hugo, 2021).

In die gedigte in *Glazen* (1979) (bl. 28 tot 39) word water-, whisky-, konjak- en jenerewerglase gepersonifiseer. Hierdie verse bied 'n welkome onderbreking van die natuurmotief wat so sterk na vore kom in die pessimistiese gedigte van 'n jong Van Vliet wat sukkel om vrede te maak met die lot wat hom in die lewe beval het en sy pa se dwalende oë (soos in “Die kuslyn verander nie vir die visser”, bl. 25), asook die liefdesverse wat die teleurstellings wat Van Vliet as jong man ervaar (sien byvoorbeeld “Soos wat die oggend die nag binnedring”, bl. 49), liries oordra.

Die bundelsamestelling skep 'n tydlyn wat nie net die publikasiedatums van die gedigte chronologies aanbied nie, maar ook Van Vliet se lewensverloop naboots en openbaar. Die bundelstruktuur ondersteun dus die sterk persoonlike en outobiografiese aard van die gedigte en beklemtoon die prominentste temas en motiewe in Van Vliet se werke.

Virtuele Instituut vir Afrikaans en Noordwes-Universiteit

Bronnelys

- T'Sjoen, Yves en Hugo, Daniel.** 2021. Onderhoud met Daniel Hugo: Na die wette van Afskeid en Herfs. Versindaba. <https://versindaba.co.za/2021/09/20/onderhoud-met-daniel-hugo-na-die-wette-van-afskaid-herfs/>. (Datum van gebruik: 12 April 2022).
- Van Vuuren, Helize.** 2014. D.J. Opperman se laatwerk. *LitNet Akademies*, 11(2): 688-714.

Titel: **Prof.** **Dr.** **Ds.** **Mnr.** **Mev.** **Me.**

Voorletters en van:

Adres:

.....

..... **Kode:**

Tel. (W): **(H):** **(Sel):**

E-pos:

Besonderhede vir inbetaling:

Betaal u rekening elektronies in die bank of oor die internet in,

- naamlik op die volgende rekening:
SAVN
Banknaam: ABSA
Bankrekeningnommer: 1190 154 676
Taknaam: Ben Swartstraat, Wonderboom-Suid
Takkode: 334 645 (nie nodig vir elektroniese betalings nie)
Verwysingsnommer: U van en voorletters
- E-pos of pos daarna die bewys van u betaling aan die SAVN se penningmeester,
Gonneke Groenen, by die onderstaande e-posadresse:
Gonneke.Groenen@nwu.ac.za of kobie.dekamper@gmail.com

Gaan ook na die SAVN webwerf, www.savn.org.za, vir inligting.

Kantoorgebruik			
Lidnr.	Datum aangesluit	Kwitansienr.	Faktuurnr.